

**RGV**

MT 4  
AG

*sportdeelname, skoolprestasie en  
aanpassing van standerd ses-seuns*

*raad vir geesteswetenskaplike navorsing*

001.3072068 HSRC  
MT 4

**RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING**

Privaatsak 41, Pretoria, Republiek van Suid-Afrika

Telefoon 28831

Telegramme: RAGEN

**President:** Dr. P. M. Robbertse

**Vise-presidente:** Dr. A. J. van Rooy en dr. J. D. Venter

**Sekretaris:** Mej. K. M. Henshall

**Institute en Departemente van die RGN**

Instituut vir Geskiedenisnavorsing

Instituut vir Kommunikasienavorsing

Instituut vir Mannekragnavorsing

Instituut vir Navorsingsfinansiering en -koördinerling

Instituut vir Opvoedkundige Navorsing

Instituut vir Psigometriese Navorsing

Instituut vir Sosiologiese Navorsing

Instituut vir Statistiese Navorsing

Instituut vir Taal, Lettere en Kuns

Departement van Inligting en Spesiale Dienste

Administrasie

**Funksie van die RGN**

Die RGN onderneem, bevorder en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, dien die Regering en ander instansies van advies insake die benutting van navorsingsbevindinge en versprei inligting betreffende die geesteswetenskappe.

**BIBLIOTEEK  
LIBRARY**

**RGN**

RAAD VIR  
GEESTESWETENSKAPLIKE  
NAVORSING

**HSRC**

HUMAN  
SCIENCES RESEARCH  
COUNCIL



RGN-HSRC



RGN-BIBLIOTEK  
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM/DATE DUE


1990-11-10

# VOOLPRESTASIE EN GIG VAN STANDERD SES-SEUNS

A. E. STRYDOM, M.A., M.Ed.  
SENIOR NAVORSINGSBEAMPTTE

VIR MANNEKRAGNAVORSING  
DIREKTEUR: MNR. W. VERHOEF

0000453555



2844363866



PRETORIA

1970

VERSLAG Nr. MT 4



Obtainable in English  
Kopiereg voorbehou

\* 0 4 5 3 5 5 \*



VOORWOORD

Een van die twee hoofdoelstellings met Projek Talentopname is om gegewens beskikbaar te stel ten opsigte van die wyse waarop die land se mannekragpotensiaal ten beste ontwikkel kan word. Die bydrae wat sportdeelname tot ontwikkeling van mannekragpotensiaal kan maak, is een van baie terreine wat ondersoek word. Hierdie verslag handel oor die eerste ondersoek oor sportdeelname wat in hierdie verband onderneem is en is dus in baie opsigte 'n verkenningstudie.

*Am. Louw*  
PRESIDENT

<b>RGN BIBLIOTEEK HSRC</b> <b>LIBRARY</b>	
1983 -09-09	
<b>STANDKODE</b>	<b>REGISTERNOMMER</b>
001.3072063 HSRC	MT 4
<b>BESTELNOMMER</b>	
G	051239



## INHOUDSOPGAWE

	BLADSY
1	1
1.1	1
1.1.1	1
1.1.2	2
1.1.3	3
1.2	3
1.2.1	3
1.2.2	4
2	5
2.1	5
2.2	5
2.3	9
2.3.1	9
2.3.2	12
2.3.3	17
3	19
3.1	19
3.1.1	19
3.1.2	19
3.1.3	19
3.1.4	19
3.2	20
3.2.1	20
3.2.2	23
3.3	26
4	27
4.1	27
4.2	27
4.2.1	27
4.2.2	29
4.2.3	30
4.2.4	32
4.2.5	34
4.2.6	36
4.3	37
5	39
5.1	39
5.2	39
5.3	39
BIBLIOGRAFIE	40





## HOOFSTUK 1

### PROBLEEMSTELLING EN DOEL MET DIE ONDERSOEK

#### 1.1 PROBLEEMSTELLING

##### 1.1.1 Inleiding

Deelname aan sport het 'n onmiskenbare deel van die menslike bestaan geword. Vanaf die primitiewe tot hoogsontwikkelde rasse- of kultuurgroepe word sport in 'n mindere of meerderemate, op 'n gespesialiseerde of nie-gespesialiseerde en op 'n mededingende of nie-mededingende basis beoefen.

Daar bestaan teenstrydige beskouings oor die ontstaan en wese van sport. Hierdie teenstrydige beskouings kan egter tot twee essensiële hoofrigtings gereduseer word, naamlik sport as ontspanning en sport as deel van 'n proses van kultuurvorming.

Regverdiging vir hierdie standpuntinname verg 'n deurskouing van albei bogenoemde sienswyses.

##### (a) Sport as ontspanning

Bevindinge dui daarop dat sport reeds gedurende die vroegste beskawings as 'n vorm van ontspanning gedien het. Argeologiese opgrawings en ontdekkings in lande soos Egipte, Griekeland en Italië het muurtekeninge op geboue aan die lig gebring waarop uitbeeldings van sportaktiwiteite van die vroeëre beskawings in dié betrokke lande verskyn. So byvoorbeeld is muurtekeninge van stoeiers, jagters, akrobate en dansers tydens argeologiese opgrawings in Egipte, Persië en Mesopotamië gevind (38, bl. 9). Dit wil voorkom asof hierdie sportbeoefening slegs deur, of tot vermaak van, die bevoorregte klasse beoefen is (33, bl. 17).

Ontsyfering van inskripsies op kleitablette dui daarop dat die boogkuns gedurende die vroeëre beskawings van Egipte tot 'n fyn kuns ontwikkel is. Melding word gemaak van Farao's soos Amenhotep III en Thutmose III wat vanaf strydwaens leeus en olifante gejag het. Dit word genoem dat Amenhotep III gedurende die verloop van tien jaar ongeveer 102 leeus op dié wyse gedood het (7, bl. 31).

Gedurende die glorieryke tydperk van die Romeinse keisers soos Nero, Commodus ensvoorts het sport 'n meer bloeddorstige grondslag gekry, veral waar dit om die vermaak van die keiser en bevoorregtes gegaan het. Gevegte tot die dood tussen gladiators onderling, of tussen gladiator en roofdiere, het ongewone vorms van keiserlike vermaak geword. Hierdie vorm van vermaak het sy hoogtepunt gedurende die vervolging van die Christene bereik. Vanweë hierdie uiterste barbaarse vorm van vermaak het geestelike vervlakking en 'n verwronge sin vir waardes en norme in omvang toegeneem, wat uiteindelik deels verantwoordelik was vir die ondergang van die Romeinse beskawing.

Gedurende die Middeleeue het sport as ontspanning steeds die prerogatief van die bevoorregtes gebly. Waar die ridderwese die voortbestaan van die Europese beskawing moes verseker, het daar gedurende meer rustige periodes georganiseerde riddertoernooie plaasgevind, waartydens plaaslike en nasionale kampioenskappe gehou is. Alhoewel hierdie toernooie as ontspanning gedien het, was dit nogtans daarop ingestel om die ridder taai en sterk te maak, en paraat vir oorlog. Gedurende die sestiende eeu het hierdie ietwat gevaarlike wyse van vermaak die vorm van ruiters-en-perd-vertoning en 'n sosiale byeenkoms aange neem. As gevolg van die veranderde metodes van oorlogvoering, het die ridderwese meer as 'n vorm van ontspanning en vryetydsbesteding bly voortbestaan (38, bl. 64).

Die Renaissance het 'n nuwe era in die beoefening van sport ingelui. Voorstanders van fisiese ontspanning het nuwe idees ten opsigte van die beoefening van sport na vore gebring. Sir Thomas Elyot, 'n bekende Engelse Humanis, het die waarde van sport as ontspanning na studie beklemtoon. Pous Pius II het in dié verband van sport die volgende gesê: "Such relaxations should form an integral part of each day's occupations if learning is not to be an object of disgust" (38, bl. 70).

Sedert die Renaissance het 'n besef van die waarde van sport vir ontspanning en as voordeel vir die opvoedingsprogram toegeneem. Jean J. Rousseau het die belangrikheid van hierdie aspek van die opvoeding van die jeug in sy boek, "Emile", herbeklemtoon.

Alhoewel sport tot vandag toe nog deel uitmaak van die skoolprogram, is die waarde van die beoefening van sport as ontspanning buite skoolverband, soos reeds in die vroeëre be-

skawings van toepassing was, besef, en word sport vandag deur miljoene as ontvlugting van die daaglikse arbeid beoefen of as toeskouers waardeur.

(b) Sport as deel van 'n proses van kultuurvorming

Sport as kultuurverskynsel kan ook tot die verre verlede nagespoor word.

Die opvallendste bewys dat sport deel van die kultuur van 'n volk kan wees, vind ons by die Antieke Grieke. Hulle het sport en godsdiens as onafskeidbaar aan mekaar verbonde beskou. 'n Duidelike bewys daarvan vind ons in die godsdienstig-sedelike wydingsprogram wat die Grieke beoefen het, soos versinnebeeld deur 'n byeenkoms, die Olimpiese Spele, waarvan die eerste in 776 v.C. en een elke vier jaar daarna gehou is.

Die Spele is as wydingsfees aan die gode ingestel. Hiervan getuig die feit dat die Spele gehou is te Olimpia. Die tempel van Zeus het die middelpunt van die verrigtinge gevorm. Die Grieke het geglo dat die gode in onsigbare vorm teenwoordig was en daarom is die eerste dag van die Spele (wat vyf dae geduur het) vir gewyde optogte en die oorhandiging van die wy-offers aan die priesters, wat naby die standbeeld van Zeus gestaan het, afgesonder. Hierna is 'n gewyde optog deur die deelnemers onderneem en is 'n belofte afgelê om eerlik op te tree en die reëls van die spele te eerbiedig. Hierdie eerlikheid en waardigheid waardeur die Spele gekenmerk is, moes tot eer van die gode strek.

Aangesien die fees tydens die eerste volmaan na die somersonnewending plaasgevind het en laasgenoemde gedurende die helfte van Junie gebeur het, is hierdie maand ook as 'n heilige maand gereken (53, bl. 10).

Vanaf die tweede tot die vierde dag het die byeenkoms 'n meer mensgerigte element openbaar en is daar in 'n reuse-stadion, met sitplek vir 40,000 toeskouers, aan sportsoorte soos stoei, voetresies, verspring, werpskyf en spiesgooi meegedoen. Aan die suid-oostekant van die stadion was die hippodroom, waar die strydwa- en perdewedrenne gehou is. Op die vyfde dag is die Spele afgesluit met offerandes aan die gode en 'n feestelikheid ter ere van die oorwinnaars, waar elk 'n eenvoudige olyfkrans - vir die Antieke Grieke 'n kosbare besitting - ontvang het.

Vir die Griek het sport 'n verheffende funksie vervul veral in die opvoeding van die jeug, dog dit het ook 'n ander nut gehad, daar dit gedien het as voorbereiding vir die verdediging van die vaderland. Namate die godsdienstige aspek van die Spele egter in latere jare verflou en die materiële begin hoogty vier het, het dit tot kulturele vervlakking gelei en later selfs die ondergang van die Griekse Ryk bewerkstellig (53, bl. 19).

Die geskiedenis van die Romeinse Ryk spreek ook van sport as kultuurerfenis. Die aandeel wat sportbeoefening in die Romeinse kultuur geniet het, was egter geensins te vergelyk met die verheffende waarde wat dit by die antieke Grieke gehad het nie. Intendeel, die beoefening daarvan, veral gedurende die Romeinse veroweringstydperk, het oorgegaan van 'n voorbereiding vir oorlogvoering tot blote toeskouer ten tye van vermaaklikheid.

Namate finansiële welvaart toegeneem het, het die Romeine die opvoeding van die jeug aan vreemdes toevertrou en het ook sportdeelname 'n oppervlakkige kleur as kulturele belewenis gekry. Die Romeine het meer genot daaruit geput om die rol van passiewe toeskouer te vertolk. Vir die deelnemers self het deelname aan sport geen positiewe geestelike waarde ingehou nie en is sluhed, selfsugtigheid en 'n algemene gees van individualisme as strewenswaardige deugde voorgehou (38, bl. 46). Soos in die geval van die latere oppervlakkige Griekse kultuur, het ook hierdie sinlike kulturele erfenis die ondergang van die Romeinse Ryk bewerkstellig.

Gedurende die Middeleeue het sport weinig bygedra tot sedelike en kulturele ontwikkeling. Riddertoernooie wat gehou is, was van weinig kulturele waarde, aangesien die deelname daaraan hoofsaaklik as militêre skoling gedien het.

Dit is egter veral gedurende die Renaissance dat sportbeoefening in die lig van sy opvoedkundige betekenis, na waarde geskat is en as kultuurverskynsel erken en waardeur is. Humaniste soos Thomas Elyot, Roger Asham en Hieronymus Mercutialis het daarop gewys dat sportbeoefening tot die ontwikkeling van positiewe karaktertrekke bydra. Alhoewel sportbeoefening in verband met die intellektuele ontwikkeling van die kind gebring is, het dit nogtans daartoe gelei dat sport as deel van die opvoeding van die kind as kulturele erfenis behoue gebly het.

### 1.1.2 Die wese en betekenis van sport in die moderne wêreld

Die moderne tegnologiese ontwikkeling het die bestaansituasie van die mens fundamenteel verander. Een van die uitvloeisels van hierdie tegnologiese vooruitgang is die feit

dat die mens veel meer vryetyd tot sy beskikking het.

Vryetydsbesteding deur die mens, verwyder hom nog verder van die diër, daar laasge= noemde se bestaan slegs gekenmerk word deur eet, rus, asemhaal, bevrediging van sy on= middellike behoeftes en hy derhalwe geen vryetyd ken nie. Daarteenoor vind ons by die mens 'n verskeidenheid van take en maniere van besig wees asook 'n kennis van middel en doel. Daarom kan die mens onderskei tussen arbeid wat 'n middel van bestaan is en lewe wat die doel is en wat bestaan uit die genot wat uit die vrug van die arbeid geput word. Waar die arbeid van die mens 'n middel tot 'n doel is, daar kan vryetydsbesteding 'n doel op sigself wees wat gekenmerk word deur genot. As sportdeelname derhalwe deur die beoefe= naar in die regte perspektief gesien word, is dit 'n doel op sigself - "Hij wordt beoefend omwille van zichzelf" (6, bl. 133).

Sport word egter deur velerlei aspekte gekenmerk daar dit ontspannend is, goeie vrye= tydsbesteding bied, vir die toeskouer 'n vorm van ontspanning en vermaak is en vir die pro= fessionele beoefenaar 'n bron van inkomste vorm. Sport is dus hier 'n middel tot 'n doel.

Gesien in die lig van die aandeel wat sport in die opvoedingsprogram tuis en op skool in die proses van volwassewording van die kind speel, tesame met die wye aanhang wat sport by die volwassene as deel van sy vryetydsbesteding geniet, word die feit beklemtoon dat sportdeelname deel van ons daaglikse program geword het. Die belangrikheid daarvan in ons alledaagse lewe blyk duidelik uit die aandag wat dit in gesprekke, tydskrifte, radio= praatjies, direkte deelname en die hoë bywoningsyfer van ontspannings- of mededingende byeenkomsfeer geniet. Voeg hierby die geskikte klimaat wat hier te lande ervaar word, dan is dit geen fiksie as daar van 'n "sportmal-"(-bewuste) Suid-Afrikaner gepraat word nie.

Soos reeds gemeld, word sport as doel of as middel tot 'n doel beoefen; maar dit alles vind plaas binne bepaalde kultuurstrukture. Dit is derhalwe nie te betwyfel dat, afge= sien van die wesentlike betekenis wat dit vir die individu mag inhou, dit ook 'n stempel moet laat op die kulturele leefwyse. In dié lig gesien, wil dit voorkom asof gesê kan word dat "de sport is een cultuurverschijsel" (52, bl. 121).

### 1.1.3 Die verband tussen voorafgaande beskouinge en die onderhawige studie

Uit voorafgaande bespreking ten opsigte van sport as 'n vorm van ontspanning of as deel van 'n proses van kultuurvorming, het dit onder andere duidelik geword dat die mening ge= huldig word dat daar in sportdeelname vir die deelnemer persoonlike voordeel opgesluit lê. In die verlede en tot op hede (vergelyk hoofstuk 2) is en word heelwat aandag aan laasgenoemde aspek gegee. Aangeleenthede soos die invloed van deelname aan sport op die mens se persoonlikheid, sy sosiale verhoudings en akademiese vordering is en word nog steeds onder die soeklig geplaas.

Soos in hoofstuk 2 aangedui word, poog teoretici en navorsers steeds om uitsluitel= ten opsigte van hierdie aangeleenthede te vind. Aangesien daar egter nog geen duidelik= heid oor genoemde aspekte bestaan nie, gaan voor- en teenstanders van sport voort om hul standpunte te huldig. Die onderhawige studie is onderneem om deur middel van gegewens wat hom uitstekend daartoe leen, vas te stel in watter mate daar in Suid-Afrika sprake is van positiewe invloed van sportdeelname op die mens se aanpassing en akademiese vordering.

## 1.2 DIE DOEL MET HIERDIE ONDERSOEK

### 1.2.1 Inleiding

As eksistensiële wese kom die mens voortdurend in kontak met sy medemens en sy om= ringende wêreld (die maatskappy). Wedersydse beïnvloeding laat ongetwyfeld 'n stempel op mens en maatskappy. Sy belewenisse verwerk die mens innerlik en hy wend die resultaat daarvan tot voordeel van die maatskappy aan, maar veral ook tot voordeel van homself soos dit byvoorbeeld in sy eie karaktervorming uitkristalliseer. So sal elke volwassewordende sy beleweniswêreld en dit wat daardeur aan hom gebied word, verwerk.

Aangesien veral fisiese prestasie tydens die puberteit en adollessensie (14, bl. 42) wye erkenning geniet, poog die pubesent en adollesent dikwels om op genoemde terrein er= kenning te verkry. Waar sportdeelname as 'n kragtige of dinamiese aktiwiteit beskou word, bied dit aan die jeugdige tydens hierdie ontwikkelingsfase die geleentheid om sy strewe na prestasie te bevredig en sodoende ook sy aansien by sy groep te verhoog.

Die dryfkrag of dinamiek wat in sportdeelname opgesluit lê, bied derhalwe aan die vol= wassewordende die rede om prestasie as stimulus of motivering tot deelname te gebruik. Die wyse waarop die kind hierdie dinamiek van sportdeelname benut, soos byvoorbeeld om deur prestasiebewustheid tot deelname gemotiveer te word, kan 'n belangrike bydrae tot sy psigies= geestelike vorming lewer. Sy gedrag, houding, benaderingswyse, ensovoorts kan beïnvloed

word' deur sy sportdeelname, asook deur sy motivering.

Die vraag ontstaan nou of die strewe na prestasie in sport by die jeugdige ook op ander terreine hom sal voordoer, met ander woorde is die dinamiek van deelname aan sport sodanig dat dit tot motivering van prestasie op ander terreine kan dien? Is motivering dus "oor-draagbaar"?

#### 1.2.2 Die direkte doel

In die lig van 'n voorafgaande beskouing oor die dinamiek van sportdeelname, die vraag oor die "oordragtelikheid" van motivering en die verskynsel dat 'n strewe na prestasie veral by die pubesent en adolessent voorkom, word in hierdie studie gepoog om helderheid oor hierdie saak te verkry.

Daar sal 'n poging aangewend word om te bepaal of dié leerling wat aktief deelneem en/of presteer in sport, ook op ander terreine as dinamiese persoon na vore tree. Uitsluit-sel oor so 'n vraag of die aktiewe deelnemer en/of presteerder geneig is om, ten opsigte van ander aspekte soos persoonlikheidstrekke, skoolprestasie en sosiale aanpassing, hom beduidend van die nie-deelnemer te onderskei, en op hierdie terreine selfs voor te wees, sal binne die raamwerk van hierdie studie val. Derhalwe sal gepoog word om aktiewe deel-nemers aan sport met nie-deelnemers te vergelyk ten opsigte van:

- (1) Skoolprestasie;
- (2) persoonlikheidstrekke en
- (3) sosiale aanpassing.

## HOOFSTUK 2

### LITERATUURORSIG

#### 2.1 INLEIDING

Heelwat studies is in die verlede reeds onderneem om onder andere die fisiologiese, maatskaplike, sielkundige en opvoedkundige aspekte van deelname aan sport toe te lig. Tal- le van die studies berus bloot op teoretiese bespiegeling terwyl ander weer deur empiriese ondersoekes gerugsteun word.

Aangesien daar in hierdie studie op sielkundige, opvoedkundige en maatskaplike gronde 'n vergelyking tussen deelnemers aan sport en nie-deelnemers gemaak word, is dit nodig dat enkele soortgelyke studies wat reeds onderneem is, toegelig word. Daar word veral verwys na empiriese ondersoekes wat in die Verenigde State van Amerika onderneem is. Dit word ge- doen hoofsaaklik omdat heelwat ondersoekes ten opsigte van die betekenis van sportdeelname daar te lande onderneem is.

Ter inleiding word daar ook na 'n aantal aansprake ten opsigte van die betekenis van deelname aan sport verwys.

#### 2.2 DIE MENINGS VAN ENKELE TEORETICI AANGAANDE DIE SIELKUNDIGE, OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE IMPLIKASIES VAN DEELNAME AAN SPORT

Soos aangedui sal word, is daar sommige teoretici wat tereg aanvoer dat sport nie nood- wendig 'n heilsame invloed op die deelnemer uitoefen nie, terwyl ander weer die betekenis van deelname besing. Beide hierdie groepe persone se aansprake berus dikwels hoofsaaklik op bespiegelings, maar vanweë die feit dat sommige van hierdie menings sinvol is, word dit weergegee.

Volgens Larson (24, bl. 36) kan deelname aan sport tot 'n basiese kenmerk van kindwees, naamlik die behoefte om te speel, teruggevoer word. Sport word volgens Larson as 'n voort- setting van spel beskou daar dit genoegsame geleentheid bied vir liggaamlike en geestelike ontspanning. Verder beweer hy dat sport die voordeel inhou dat dit geleentheid bied vir indi- widuele en groepdeelname. Sodoende dra dit by tot die ontplooiing van die mens in sy hoe- danigheid van individu en ook as lid van 'n groep (die gemeenskap). Vir die mens as indi- widu bied deelname aan sport die geleentheid tot die ontplooiing van positiewe kwaliteite soos kreatiwiteit, selfvertroue ens., maar verder maak dit hom daarvan bewus dat hy lid van 'n gemeenskap is en verwek sodoende ook 'n gevoel van kameraadskaplikheid, aldus Larson.

Cofer en Johnson (9, bl. 552) voer deelname aan sport ook terug tot 'n basiese behoefte van kindwees, naamlik om te speel. Hulle beweer dat motivering tot deelname aan sport egter gedurende die verskillende lewenstadia van die mens kan wissel. Volgens hulle hang hierdie wisselende motiveringsaspekte ten nouste saam met die sielkundige aspekte tot deelname aan spel, oefening en sport en hulle wys terug daarop dat daar ook verskille in die deelnamepatroon bestaan wat ten nouste met verskille in kulturele leefwyse saamhang. Hulle gebruik stoei as voorbeeld om te illustreer hoe die motivering tot deelname kan ver- ander. So byvoorbeeld mag die kleuter stoei sien as 'n middel tot 'n doel, byvoorbeeld ter verkryging van 'n speelding. In die vroeë kinderjare word die motivering tot stoei in spel- vorm meer gesien in die lig van die genot wat dit verskaf ('n aantal seuns maak 'n speletjie daarvan op 'n grasperk). Vir die adolessent is die voorbereiding tot volkome fiksheid met die strewe tot oorwinning 'n uiters belangrike oorweging. Ten slotte wys Cofer en Johnson daarop dat die professionele stoeier hierdie sportsoort nie slegs tot die vermaak van die toeskouers beoefen nie, maar meer bepaald vir eie finansiële gewin.

Ancherson (1, bl. 59) beweer dat die grondslag vir die motivering tot deelname reeds tydens die kind se spel gevorm word. Hy beweer dat elke kind tydens sy spel die volgen- de vertoon:

- (a) 'n Drang tot beheersing;
- (b) 'n drang tot erkenning;
- (c) 'n behoefte aan sukses en prestasie;
- (d) pogings tot die ontwyking van mislukking en teleurstelling;
- (e) 'n hunkering na simpatie en liefde;
- (f) 'n drang na sekuriteit;
- (g) 'n drang na avontuur; en
- (h) die drang om uiting te gee aan sy gevoelens van aggressiwiteit.

Ancherson beweer dat deelname aan sport die geleentheid tot bevrediging van bogenoemde bied. Hy waarsku egter dat deelname aan sport sodanig moet wees dat te min of te veel oor-

McCraw (29, bl. 28) kritiseer tereg die opvatting dat deelname aan sport as belangrikste doelwit die bevordering van die mens se fisiese gesondheid het. Volgens hom (soos ook deur voorafgaande teoretici uiteengesit) lê daar 'n veel groter en blywende betekenis in sportdeelname opgesluit, naamlik dié van karaktervorming. Hierdie karaktervormende betekenis van sport sien hy teen die breë agtergrond van die mens as lid van die demokratiese maatskappy waar die mens ook in diens van sy medemens staan. Derhalwe lê die essensie van die karaktervormende betekenis van sport daarin dat die mens homself diensbaar maak ter wille van die self, maar ook ter wille van die andere. Volgens McCraw is deelname aan sport vir die mens, as lid van die gemeenskap, in vier opsigte van betekenis, naamlik:

(a) Dit bevorder samewerking van die lede van 'n span wat ook op die gemeenskap van toepassing gemaak kan word.

(b) Gesonde mededinging stimuleer inisiatief en persoonlike vooruitgang wat egter ook in die maatskaplike lewe geldig kan wees.

(c) Dit bevorder gehoorsaamheid aan die wet en onderwerping aan gesag.

(d) Dit skep ook die geleentheid vir leiers om na vore te tree terwyl ander weer volgelinge mag word – beide aanhangers van dieselfde beginsel en nastrewers van dieselfde saak.

Kortliks kom dit daarop neer dat McCraw in deelname aan sport die geleentheid sien om van die mens 'n goeie en pligsgetroue landsburger te maak.

Waar daar alreeds gewag gemaak is van die etiese en estetiese betekenis van deelname aan sport, soos uiteengesit deur voorafgaande teoretici, is dit egter Van der Merwe (54, bl. 30) wat, afgesien van die fisiese, 'n meer verhewe betekenis, naamlik dié op godsdienstig-sedelike vlak daaraan toevoeg. Volgens hom maak sport die mens bewus van sy liggaam as skepping van God en dit bevorder die ontwikkeling van die God-gegewe gawes en talente. Voorts beweer hy dat deelname aan sport tot die onderwerping van die eie bese menslike natuur lei, in ooreenstemming met 'n morele en etiese gedragskode, deur die skepping van 'n veiligheidsklep vir die vrylating van opgekropte emosies en die sublimering van die biologiese natuurdrange.

Soortgelyke gedagtes as dié van Van der Merwe word ook deur Diem (13, bl. 7) en Malpass (28, bl. 46) uitgespreek.

Daar is egter teoretici wat skepties staan teenoor die betekenis van sport. Tereg word daar dan ook beweer (51, bl. 10) dat daar tydens deelname die geleentheid bestaan vir onwenslike beïnvloeding van die mens se persoonlikheid. Sodanige nadelige beïnvloeding kan onder andere vergestaltung vind in eienskappe soos swak sportmanskap, verheerliking van sport ensovoorts.

Sommige Franse opvoedkundiges (51, bl. 5) is die mening toegedaan dat die opvoedkundige betekenis van deelname aan sport oorskakel word en bestempel sportdeelname as 'n nuttelose vorm van spel wat dreig om die kind van waardevolle studie-ure te beroof.

Moody (31, bl. 24) wys verder daarop dat dié persoon wat fisies nie oor die vermoë beskik om op sportgebied uit te blink nie, deur 'n prestasieneurose gedryf kan word wat tot 'n ontwrigting van die persoonlikheid kan lei.

Ook die mening dat sport as 'n rehabilitasie-middel vir die voorkoming van jeugmisdaad kan dien, word in twyfel getrek deurdat bevindinge van Thurstone, Powers, Fine en ander (25, bl. 585) daarop gedui het dat alhoewel ontspanningsfasiliteite (spesifiek sportfasiliteite) tot die beskikking van potensiële jeugmisdadigers gestel is, hulle in die meeste gevalle nie daarvan gebruik gemaak het nie. Hierdie verskynsel mag egter moontlik aan onkunde oor die sin van deelname en gebrekkige of ontbrekende volwasseneleiding toegeskryf word.

#### Samevatting

(a) Dit wil voorkom asof teoretici van mening is dat daar 'n noue verband tussen deelname aan sport en die spel van die kind bestaan; in so 'n mate dat sport as 'n voortsetting van spel beskou word.

(b) Deelname aan sport word as 'n doeltreffende spanningsverliggende aktiwiteit beskou.

(c) Die standpunt word gehuldig dat sportdeelname tot voordeel vir die vorming van die mens se persoonlikheid kan strek, en dat positiewe karaktereienskappe wat so na vore gebring word, ook die sosiale aanpasbaarheid van die individu bevorder.

(d) Ten spyte van teorieë oor die positiewe sielkundige, opvoedkundige en sosiale betekenis van sport, bestaan daar nogtans 'n mate van pessimisme oor hierdie aangeleenthede.

## 2.3 'N OORSIG VAN EMPIRIESE ONDERSOEKE NA DIE SIELKUNDIGE, OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE IMPLIKASIES VAN DEELNAME AAN SPORT

### 2.3.1 'n Oorsig van ondersoeke na die moontlike verband tussen deelname aan sport en akademiese prestasie

(a) 'n Samevattende beeld van ondersoeke wat voor 1950 onderneem is

Uit 'n oorsig van die literatuur ten opsigte van die moontlike verband tussen deelname aan sport en akademiese prestasie, blyk dit dat die bevindinge wat tydens ondersoeke in dié verband onderneem is, van so 'n uiteenlopende en teenstrydige aard is, dat daar nog geen uitsluitel oor die aangeleentheid gelewer is nie. So byvoorbeeld meld Kyle (43, bl. 623) in 'n oorsig van 70 studies wat tussen 1907 en 1940 ten opsigte van hoërskoolleerlinge onderneem is, dat 30 van die studies die deelnemers aan sport as beter akademies uitwys, 25 op gelyke prestasie van deelnemers en nie-deelnemers dui, terwyl 15 studies laat blyk dat die nie-deelnemers beter akademies is.

Dit blyk egter dat talle van die ondersoeke, veral dié wat voor 1930 onderneem is, aan ernstige gebreke mank gegaan het wat moontlik tot die teenstrydige bevindinge kon bygedra het. Die volgende is opvallende tekortkominge:

- (1) Gebrek aan eenvormigheid ten opsigte van prosedures tydens die ondersoeke;
- (2) verwarrende terminologie veral ten opsigte van die definisie van 'n deelnemer en 'n nie-deelnemer;
- (3) onvoldoende verteenwoordiging in steekproefgroepe;
- (4) gebrek aan opvolgstudies van 'n spesifieke ondersoek;
- (5) onbetroubaarheid van akademiese puntetoekenning van onderwysers; en
- (6) die probleem wat ervaar word om sulke nie-gestandaardiseerde puntetoekennings (in (5) hierbo gemeld) te vergelyk.

'n Oorsig van die literatuur na 1930 (veral dié van 1940) dui daarop dat navorsers in 'n groot mate daarin geslaag het om bogenoemde probleme die hoof te bied, dog uitsluitel ten opsigte van die verband tussen deelname aan sport en akademiese prestasie is nog nie gelewer nie. Die aanwesigheid van teenstrydighede word weerspieël in 'n oorsig van ondersoeke wat voor 1950 onderneem is.

Aangesien daar tydens hierdie ondersoeke hoofsaaklik van hoërskoolleerlinge en universiteit- en kollegestudente as proefpersone gebruik gemaak is, word 'n oorsig van die studies onder die volgende hoofde gegee:

(1) Ondersoeke waarby hoërskoolleerlinge betrek is.

La Rue (12, bl. 69), Swanson (12, bl. 69), Rogers (12, bl. 70), Ray (37, bl. 129), Kremer (43, bl. 622), Angus (43, bl. 622) en Blum (43, bl. 622) is persone wat tydens hul ondersoeke bevind het dat deelnemers aan sport akademies beter presteer as nie-deelnemers.

Daarteenoor het persone soos Photon (12, bl. 70), Hull (12, bl. 70), Hall (12, bl. 74), Fenniman (43, bl. 622), Reals (43, bl. 622) en Rees (43, bl. 622) uit hulle bevindinge laat blyk dat dit juis die nie-deelnemer is wat akademies goed vorder.

Uit ondersoeke van Beau (12, bl. 70), Nelson (43, bl. 623), Allen (43, bl. 623), Snyder (43, bl. 623) en Rhodes (43, bl. 623) blyk dit weer dat daar geen verskille tussen die akademiese prestasie van deelnemers en nie-deelnemers te bespeur is nie.

(2) Ondersoeke waarby universiteit- en kollegestudente betrek is

Remp (12, bl. 71), Finlay (12, bl. 71), Miller (12, bl. 72), Ryan (43, bl. 624), Hackensmith en Miller (18, bl. 94), Waske (55, bl. 22) en Somers (46, bl. 84) is navorsers wat bevind het dat deelnemers aan sport akademies beter presteer as nie-deelnemers.

Persone soos Philips (12, bl. 69), Bevier (12, bl. 69), Foster (12, bl. 69), Savage (43, bl. 624), Glickman (43, bl. 624), Laub (43, bl. 624) en Hutchinson (43, bl. 624) het weer bevindinge ten gunste van die nie-deelnemers gemaak.

Ondersoeke waar bevind is dat daar geen verskille in akademiese prestasie van deelnemers en nie-deelnemers bestaan, is deur Wardlaw (12, bl. 69), Groves (12, bl. 73), Snedden (12, bl. 73), Griffith (43, bl. 625), Purdom (43, bl. 625), Eubank (43, bl. 625), Summers (43, bl. 625), Belk (43, bl. 625), en Tuttle en Beebee (50, bl. 174) onderneem.

(b) Enkele resente empiriese ondersoeke

Die doel van hierdie afdeling is nie om bloot net die bevindinge van navorsers weer te gee nie maar ook om kortliks hulle metode van ondersoek aan te dui. Dit word gedoen deur daarop te wys dat resente ondersoeke op 'n wetenskaplik beredeneerde en beplande basis plaasvind. Indien bloot net die resultate van ondersoeke weergegee sou word, kan dit 'n skewe beeld tot gevolg hê aangesien daar, soos reeds aangedui, steeds teenstrydige bevindinge opgelewer word.

In hierdie afdeling sal die aandag hoofsaaklik aan ondersoeke wat na 1950 onderneem is, gegee word.

Biddulph (4, bl. 1) het 50 uitstaande sportpresteerders met 50 swak presteerders op hoërskoolvlak ten opsigte van akademiese prestasie vergelyk. Die proefpersone in beide groepe is ten opsigte van ouderdom, lengte en gewig op vergelykbare vlak afgepaar. Ook ten opsigte van hulle intelligensievermoë is die twee groepe feitlik gelykgestel; sodanig dat die gemiddelde IK-telling van die uitstaande presteerders slegs 2.5 hoër as dié van die ander groep was. Die resultate toon dat die uitstaande presteerders 'n hoër gemiddelde per vak behaal het (hierdie verskil in gemiddeldes was beduidend op die een persent-vlak) met 'n kleiner standaardafwyking (0.57 teenoor 9.69). Uit sy bevindinge kom Biddulph tot die gevolgtrekking dat suksesvolle deelname aan sport as motivering dien om op ander terreine, onder andere die akademiese, goed te presteer.

Weber (56, bl. 471) het tydens sy ondersoek probeer vasstel of daar 'n beduidende verband bestaan tussen fisiese fiksheid en akademiese prestasie. Vir die doel van sy ondersoek het hy 246 eerstejaarstudente aan die Iowa-staatsuniversiteit vir die jaar 1950 gekies. Die fisiese fiksheid van die proefpersone is bepaal volgens hul prestasie op 4 toepaslike liggaamlike opvoedings- en atletiekaktiwiteite. Hul akademiese punteprestasie het bestaan uit vakgemiddeldes vir die jaar (Grade-Point Averages) en die resultate van hulle toelatingseksamen. Uit die resultate van die ondersoek blyk dit dat daar geen beduidende verband tussen die fisiese fiksheidstellings van die studente en hul prestasies op die verskillende items van die toelatingseksamen was nie (korrelasies het gewissel van 0.01 tot 0.13). Daarteenoor het Weber bevind dat daar wel 'n beduidende verband tussen die fisiese fiksheidstellings en die vakgemiddeldes (GPA) was. Die korrelasie was 0.41, beduidend op die 1%-peil. Aangesien hierdie studente hulle studiejaar met akademiese sukses bekroon het, kom Weber tot die gevolgtrekking dat fisiese fiksheid verband hou met suksesvolle studie.

Aangesien deelname aan sport beslis verband hou met fisiese fiksheid is die bevindinge van Weber ook vir hierdie studie van belang.

Bevindinge wat ooreenstem met dié van Weber is deur Arnett (2, bl. 227) het met die hulp van senior studente in die liggaamlike opvoedingskursus fisiese fiksheidstoetse op 827 eerstejaardames tydens hul toetrede aan die Washington State College toegepas. 'n Totale fiksheidstelling is verkry volgens skaaltellings vir 4 fiksheiditems. Hierdie toetse is herhaal aan die einde van die herfs- en winterkwartale. Vakgemiddeldes (GPA) volgens die skaal A=4.0; B=3.0; C=2.0 en D=1.0 is ook vir die herfs- en winterkwartale verkry. 'n Verspreiding van die totale fiksheidstellings en die GPA-tellings volgens die fiksheidskategorieë word in tabel 2.1 weergegee.

TABEL 2.1  
VERSPREIDING VAN DIE TOTALE FIKSHEIDS- EN GPA-TELLINGS VAN 'N AANTAL DAMESTUDENTE,  
VOLGENS DIE FIKSHEIDSKATEGORIEË

Fiksheidskategorie	Telling	N Herfs	GPA- telling Herfs	N Winter	GPA- telling Winter
Uitstekend	240-279	17	2.58	16	2.59
Goed	200-239	274	2.47	260	2.49
Gemiddeld	150-199	391	2.34	378	2.37
Swak	120-159	103	2.38	94	2.38
Baie swak	80-119	14	2.22	13	2.15

'n Korrelasie tussen die totale fiksheidstellings en die totale GPA-tellings is bereken, maar was egter nie baie hoog nie ( $r = 0.556$ ). Volgens die tabel blyk dit dat dié studente wat die hoogste mate van fiksheid vertoon het, die hoogste GPA-tellings behaal het. Dit geld spesifiek vir dié groepe wat as uitstekend en goed geklassifiseer is. Alhoewel die korrelasie tussen die totale fiksheids- en GPA-tellings nie hoog is nie, kom Arnett uit die bevindinge tot die gevolgtrekking dat fisiese fiksheid wel as motiverings-



faktor tot hoër akademiese prestasie kan dien.

Ondersoeke waar daar geen beduidende verskille tussen die akademiese prestasie van deelnemers en nie-deelnemers gevind is nie, is deur Somers en Steuck onderneem.

'n Onderzoek is deur Steuck (49, bl. 275) aan die Wisconsin State College onderneem, waar hy die volgende 3 groepe manstudente se akademiese prestasie met mekaar vergelyk het:

(a) 'n Groep van 96 deelnemers aan sport wat erekleure vir hul sportprestasies ontvang het;

(b) 'n groep van 43 deelnemers aan sport wat wel aktief deelgeneem het maar nie erekleure ontvang het nie; en

(c) 'n groep van 147 wat nie aan sport deelgeneem het nie.

Hierdie groepe is ook vergelykbaar gestel ten opsigte van sosio-ekonomiese agtergrond en IK. Biografiese gegewens, onder andere ouderdom, gesondheidstoestand, huwelikstaat, psigiese gesteldheid en akademiese vordering op hoërskool is ook verkry. Die proefpersone se akademiese prestasies is verkry volgens 'n toelatingseksamenpunt tesame met gemiddeldes per vak (GPA) tydens die jaar van ondersoek. Uit die resultate van die ondersoek blyk dit dat daar geen verskil in gemiddeldes per vak (GPA) tussen dié van die deelnemers wat erekleure verkry het en dié van die nie-deelnemers was nie. Die deelnemers wat geen toekennings ontvang het nie, se akademiese prestasie was wel laer, maar hierdie verskil in gemiddeldes was nie beduidend nie. Uit sy bevindinge het Steuck tot die gevolgtrekking gekom dat deelnemers wat uitstaande of gemiddeld was ten opsigte van hul deelname aan sport, nie beduidend beter of swakker op akademiese gebied as nie-deelnemers presenteer nie.

Somers (46, bl. 84) het aan Smith College in die VSA 'n ondersoek onderneem waar hy gepoog het om te bepaal of daar enige statistiese beduidende verband tussen deelname aan sport en akademiese vordering bestaan. Die sportsoorte waaraan studente kon deelneem, was tot dié vir binneskoolse kompetisie beperk. Genoemde binneskoolse sportprogram het daarvoor voorsiening gemaak dat studente op 'n verteenwoordigende basis aan hoogstens 3 sportsoorte per jaar, of een sportsoort per seisoen (waar 'n jaar in 3 sportseisoene ingedeel is) kon deelneem. Vir die doel van sy ondersoek het Somers van 384 finalejaarstudente, wat vir 'n studiekursus van 4 jaar ingeskryf was, as proefpersone gebruik gemaak. Hierdie groep proefpersone het Somers soos volg ingedeel:

- (a) Deelnemers vir drie seisoene;
- (b) deelnemers vir twee seisoene;
- (c) deelnemers vir een seisoen; en
- (d) nie-deelnemers.

Van elk van sy proefpersone het Somers gegewens ten opsigte van hulle kollege-aktiwiteite (afgesien van gegewens oor sportdeelname) asook hul vakgemiddeldes vir die jaar (bereken op 'n 4-puntbasis) verkry. Alhoewel Somers onderlinge verskille in die totale van die gemiddeldes vir elk van die 4 jaar van die 4 groepe verkry het, was dit te gering om statisties beduidend te wees. Die enigste verskil in gemiddeldes wat wel statisties beduidend was, was tussen dié van die deelnemers vir twee seisoene en die nie-deelnemers, gedurende beide groepe se tweede studiejaar (2.40 teenoor 2.67). Somers het die vakgemiddeldes per jaar vir alle deelnemers gekombineer en dit met dié van die nie-deelnemers vergelyk. Soos in tabel 2.2 aangedui, het Somers ook hier geen statisties beduidende verskille gevind nie.

Uit sy bevindinge het Somers dan ook tot die gevolgtrekking gekom dat studente aktief aan 'n binneskoolse sportprogram kan deelneem en nogtans soortgelyke akademiese prestasies as dié van die nie-deelnemers lewer.

TABEL 2.2  
VERGELYKING TUSSEN 'N GROEP DEELNEMERS AAN SPORT EN 'N GROEP NIE-DEELNEMERS  
TEN OPSIGTE VAN HULLE VAKGEMIDDELDDES

	(N) Aantal studente	(N) Persentasie van groep	Verspreiding van vakgemiddeldes	Gemiddelde per vak
<u>1ste Jaar</u>				
Deelnemers	107	28	1.6 - 3.6	2.40
Nie-deelnemers	277	72	1.4 - 3.8	2.43
<u>2de Jaar</u>				
Deelnemers	118	31	1.7 - 3.8	2.56
Nie-deelnemers	266	69	1.6 - 3.8	2.67
<u>3de Jaar</u>				
Deelnemers	95	25	1.9 - 3.9	2.74
Nie-deelnemers	289	75	1.6 - 4.0	2.69
<u>4de Jaar</u>				
Deelnemers	97	25	2.0 - 4.0	2.87
Nie-deelnemers	287	75	2.0 - 4.0	2.87

'n Interessante ondersoek waarin hy probeer vasstel het of 'n afname in akademiese prestasie as motivering sal dien tot verhoogde prestasie op sportgebied, is deur Start (48, bl. 300) onderneem. Hy het 2500 sekondêre skoolleerlinge in die noordweste van Engeland as proefpersone gebruik. Hierdie leerlinge was verbonde aan 4 skole, naamlik:

- (a) 'n Grammar School vir seuns;
- (b) 'n Secondary Modern koëdukasieskool; en
- (c) twee Comprehensive koëdukasieskole.

Genoemde leerlinge was almal in die ouderdomsgroep 11 tot 15 jaar. Start het sy proefpersone ten opsigte van hulle akademiese vordering en deelname aan verteenwoordigende sport (rugby, sokker, hokkie en netbal) gegroepeer. Uit die resultate van sy ondersoek kom Start tot die gevolgtrekking dat swak akademiese prestasie nie noodwendig tot verhoogde deelname en prestasie op sportgebied lei nie. Hy het ook gevind dat die onderste 25 persent op die akademiese prestasieskaal slegs in klein getalle aan interskoolbyeenkomste deelneem. Start se bevinding ten opsigte van swak akademiese prestasie, gekoppel aan geringe deelname, word weerspieël deur 'n vergelyking van die persentasie seuns wat in die 4 skole aan sokker op interskoolvlak deelgeneem het en word in tabel 2.3 uiteengesit.

TABEL 2.3  
VERSPREIDING VAN DIE PERSENTASIE SEUNS WAT AAN SOKKER DEELGENEEM HET TEN OPSIGTE  
VAN HULLE AKADEMIESE PRESTASIE EN DIE SKOOL WAT HULLE BESOEK HET

Tipe skool	Akademiese prestasieskaal								
	A	B	C	D	E	F	G	H	I
Grammar school	9.8	18.0	10.5	4.0	8.0	-	-	-	-
Secondary modern	20.0	15.0	15.0	8.3	0.0	-	-	-	-
Comprehensive 1	10.3	29.2	18.5	10.9	18.5	1.6	4.3	1.9	-
Comprehensive 2		23.5			17.3			5.6	

### 2.3.2 'n Deurskouing van enkele ondersoeke na die sielkundige aspekte van deelname aan sport

#### (a) Inleiding

In hierdie afdeling word hoofsaaklik aandag gegee aan navorsing wat gedoen is ten opsigte van die betekenis van deelname aan sport soos blyk uit die psigiese en geestelike komponente van menswees. Tydens hierdie ondersoeke is gepoog om die invloed van sport op die totale persoonlikheid van die mens, sy etiese en estetiese waarde-oordele en sy aanpassing aan sy sosiale milieu te bepaal.

#### (b) Die ondersoeke self

In 'n oorsig van die ondersoeke oor die sielkundige aspekte van deelname aan sport, wys

Byrd, Rarick en Greenwood (17, bl. 36) daarop dat daar reeds heelwat navorsing in dié verband gedoen is, maar dat hierdie ondersoeke hoofsaaklik korttermynnavorsing behels. Daar teenoor wys hulle egter daarop dat, alhoewel medici en psigiaters voortdurend gematigde deelname aan sport vir hulle pasiënte voorskryf, die tekort aan langtermynondersoeke in werklikheid weinig gronde bied ter regverdiging van genoemde persone se aanbevelings. Derhalwe bepleit hulle omvattende langtermynondersoeke. Tereg verklaar hulle voorts dat mense in groter getalle aan sport sal deelneem indien meer konkrete bewyse, soos gestaaf deur langtermynondersoeke, gelewer kan word. Volgens Rarick, Byrd en Greenwood moet bogenoemde aanbevole ondersoeke ook daarop gemik wees om die sosiale aspekte van deelname aan sport uit te lig, en te beklemtoon hoedat deelname tot voordeel van onder andere die gesin en die breëre sosiale milieu kan strek.

Genoemde persone se klagtes is in 'n groot mate geregverdig aangesien talle van die volgende ondersoeke korttermynnavorsing is. Nogtans is die ondersoeke van waarde daar dit steeds wyer studieveld open en toekomstige navorsing stimuleer.

Cooper (10, bl. 19) meld in 'n oorsig van die bevindinge van navorsing o.r die invloed van sportdeelname op die mens se persoonlikheid, dat die volgende beeld kensketsend van deelnemers in vergelyking met die nie-deelnemers is:

- (a) Hulle is meer ekstrovertief en openbaar op sosiale terrein meer selfvertroue (3, bl. 163; 30, bl. 163).
- (b) Op sosiale terrein neem hulle 'n leidende en dominerende aandeel (22, bl. 433).
- (c) Volgens die oordeel van onderwysers en leeftydsgenote vertoon hulle 'n groter mate van sosiale aanpasbaarheid (42, bl. 338; 4, bl. 1), beskik oor groter prestige en hoër sosiale status (41, bl. 52) en het meer selfvertroue (47, bl. 351).
- (d) Hulle is minder gespanne (22, bl. 433) en is emosioneel meer stabiel (47, bl. 351).
- (e) Op 'n terrein waar kompetisie vereis word, vertoon hulle 'n groter mate van dryfkrag (5, bl. 127).
- (f) Hulle is minder kompulsief (23, bl. 497).
- (g) Daar is aanduidings dat hulle oor 'n groter vermoë beskik om fisiese pyn te weerstaan (10, bl. 19).
- (h) Hulle vertoon minder vroulike (41, bl. 52) en meer manlike belangstellings (45, bl. 539).

Alhoewel bogenoemde 'n beeld van die deelnemer volgens enkele bevindinge bied, kan daar geensins 'n veralgemening gemaak word nie aangesien daar, soos aangedui sal word, ook teenstrydige bevindinge was. Vervolgens word 'n aantal ondersoeke met gunstige resultate asook 'n aantal nie-gunstigtes bespreek.

In sy reeds gemelde ondersoek het Biddulph (4, bl. 1), afgesien van sy vergelyking ten opsigte van akademiese prestasie, die 50 uitstaande deelnemers aan sport met die 50 swak presteerders ten opsigte van selfaanpassing en sosiale aanpasbaarheid vergelyk. Hy het bevind dat die uitstaande atlete 'n hoër gemiddelde telling op die selfaanpassingskaal van die "California Test of Personality" behaal as die ander groep. Die verskil van gemiddeldes was 5.90 met 'n kritiese verhouding van 2.72, statisties beduidend op die 1%-peil. Verder het hy bevind dat die uitstaande sportpresteerders nie 'n beduidende hoër gemiddelde telling op die sosiale aanpassingskaal behaal nie, dog wel 'n beduidende hoër, gemiddelde telling volgens die gradering van onderwysers en volgens sosiogramme. Ook ten opsigte van die evaluering deur onderwysers en medeleerlinge het Biddulph gevind dat die uitstaande presteerders gewilder as die ander groep was. Biddulph kom dan ook tot die gevolgtrekking dat suksesvolle deelname aan sport sosiale aanpassing bevorder en ook as motivering dien om op ander terreine in die lewe uit te blink.

Deur gebruik te maak van die MMPI\* het Booth (5, bl. 127) 'n vergelyking gemaak tussen die persoonlikhede van 141 deelnemers en 145 nie-deelnemers, almal manlike studente aan die Grinnell College in die USA. Beide die steekproefgroepe het bestaan uit vergelykbare eerstejaar- en senior studente. 'n Vergelyking is nie slegs tussen die deelnemers en nie-deelnemers gemaak nie, maar ook tussen die saamgestelde groepe onderling. Booth het statisties beduidende verskille in persoonlikheidstrekke tussen deelnemers en nie-deelnemers bevind, asook tussen deelnemers aan sportsoorte waar individuele deelname en verteenwoordiging vereis word en deelnemers aan spansportsoorte en ook deelnemers aan sowel individuele as spansportsoorte. Van die belangrikste bevindinge waartoe hy gekom

\*Minnesota Multiphasic Personality Inventory

het, was die volgende:

(a) Op die belangstelling (Mf)-veranderlike het die nie-deelnemers 'n beduidende hoër telling as die deelnemers behaal.

(b) Op die angs (A)-veranderlike het die deelnemers wat senior studente was, beduidend hoër presteer as die eerstejaars wat aan sport deelgeneem het, eerstejaar nie-deelnemers en senior nie-deelnemers.

(c) Op die oorheersing (Do = dominance)-veranderlike het die senior deelnemers en senior nie-deelnemers beduidend hoër presteer as die eerstejaardeelnemers en die nie-deelnemers.

(d) Op die sosiale verantwoordelikheid (Re)-veranderlike het die senior nie-deelnemers beduidend hoër presteer as die eerstejaardeelnemers, eerstejaar nie-deelnemers en die senior deelnemers.

(e) Op die D-veranderlike (aanduiding van depressiewe neigings) het die senior deelnemers wat aan individuele sportsoorte maar nie aan spansportsoorte deelgeneem het, 'n beduidende hoër telling as die deelnemers aan spansportsoorte behaal.

(f) Op die psychasthenie (Pt)-veranderlike het die senior deelnemers aan sportsoorte waar individuele verteenwoordiging vereis word, 'n beduidende hoër telling as die senior spansportsoort-deelnemers behaal.

Ten slotte het Booth gekonstateer dat 22 items van die MMPI wat hy gebruik het, doeltreffend is ten einde beduidende onderskeid tussen swak en goeie deelnemers te maak.

Schendel (41, bl. 52) het met betrekking tot die California Psychological Inventory (CPI) probeer vasstel of daar enige psigologiese verskille tussen 'n groep deelnemers aan spansportsoorte en 'n groep nie-deelnemers bestaan. Die steekproefgroep op wie hy die vraelys toegepas het, het bestaan uit 334 hoërskoolleerlinge en kollegestudente wat soos in tabel 2.4 aangedui, verdeel is.

TABEL 2.4

VERSPREIDING VAN 'N AANTAL DEELNEMERS AAN SPORT, VOLGENS GRADE VAN DEELNAME EN HUL ONDERWYSVLAK

Deelnemers aan sport					
	Uitstaande spelers	Gereelde spelers	Spelers wat gereeld as plaasvervang-ers optree	Nie-deelnemers	Totaal
A. Hoërskoolleerlinge					
(i) St.VII (9th grade)	20	20	20	60	120
(ii) St.X (12th grade)	9	20	20	60	109
B. Kollegestudente	9	20	16	60	105
TOTAAL	38	60	56	180	334

Schendel het statisties beduidende verskille tussen die gemiddeldes van die nie-deelnemers en deelnemers gevind op 8 van die CPI-skale vir die st.VII-leerlinge, op 4 van die CPI-skale vir die st. X-leerlinge en op 9 van die skale vir die kollegestudente. Die gevolgtrekkings waartoe hy uit sy bevindinge gekom het, was die volgende:

A. St. VII-deelnemers in vergelyking met nie-deelnemers op dieselfde onderwysvlak:

- (i) Beskik oor meer leierskapeienskappe;
- (ii) beskik oor meer kwaliteite wat tot status lei;
- (iii) het 'n groter besef van eiewaarde;
- (iv) verkeer makliker op sosiale vlak;
- (v) het minder klagtes;
- (vi) is meer konvensioneel in hul reaksies op sosiale situasies; en
- (vii) beskik oor groter intellektuele prestasievermoë.

B. Deelnemers op die st.X-vlak in vergelyking met nie-deelnemers op dieselfde onderwysvlak:

- (i) Verkeer makliker op sosiale vlak;

- (ii) het 'n groter besef van eiewaarde;
- (iii) is meer konvensioneel in hul reaksies op sosiale situasies; en
- (iv) presteer beter in situasies waar konformiteit vereis word.

C. Nie-deelnemers op kollegevlak in vergelyking met deelnemers op dieselfde onderwysvlak;

- (i) Besik oor meer persoonlike kwaliteite wat status verleen;
- (ii) is meer konsensieus en verantwoordelik;
- (iii) vertoon 'n groter mate van verdraagsaamheid;
- (iv) is beter tot selfstandige prestasie in staat;
- (v) vertoon groter intellektuele prestasievermoë;
- (vi) toon 'n groter mate van belangstelling in die psigologiese behoeftes van die medemens;
- (vii) is meer aanpasbaar ten opsigte van hulle denke en sosiale aktiwiteite; en
- (viii) het 'n meer verfynde belangstelling.

Daarteenoor is die deelnemers op kollegevlak meer konvensioneel in hul reaksies op sosiale situasies.

Behrman (3, bl. 163) het 102 eerstejaarstudente wat nie in staat was om een lengte van 'n swembad (75 vt.) te swem nie as nie-swemmers geklassifiseer en hulle ten opsigte van persoonlikheidseienskappe met dieselfde aantal studente wat as swemmers gekwalifiseer het, vergelyk. Hy het van die Guilford-Zimmerman Temperament Survey as persoonlikheids-toets gebruik gemaak. Die bevindinge van sy studie word in tabel 2.5 uiteengesit.

TABEL 2.5

VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE PRESTASIE VAN 'N GROEP PERSONE WAT AS "SWEMMERS" EN "NIE-SWEMMERS" GEKLASSIFISEER IS TEN OPSIGTE VAN DIE VELDE VAN DIE "GUILFORD-ZIMMERMAN TEMPERAMENT SURVEY"

Persoonlikheids= trekke	Swemmers		Nie-swemmers		t	Beduidende= heidsvlak van ver= skille
	Gemiddelde prestasie= punt	Standaard= afwyking	Gemiddelde prestasie= punt	Standaard= afwyking		
Algemene belangstel= ling	17.6	6.8	16.4	5.85	1.39	
Selfbeheersing	16.7	4.94	18.3	4.50	2.20	.05
Oorheersing	17.0	6.25	15.5	6.11	1.62	
Sosialiteit	19.0	6.93	16.7	7.89	2.20	.05
Emosionele stabili= teit	16.2	6.48	17.2	6.27	1.10	
Objektiwiteit	17.1	5.49	18.3	5.76	1.48	
Vriendelikheid	12.0	5.03	13.9	5.68	2.65	.05
Bedagsaamheid	19.2	5.04	19.8	5.20	0.71	
Persoonlike verhou= dings	14.4	5.35	15.6	5.10	1.61	
Manlikheid	20.0	3.54	20.9	4.25	0.26	

Die feit dat daar statisties beduidende verskille tussen die gemiddeldes ten opsigte van die Selfbeheersing-, Sosialiteit- en Vriendelikheid-(persoonlikheidstrekke)-veranderlikes te vinde was, het daartoe aanleiding gegee dat Behrman kon konstateer dat die "swemmers" meer impulsief, sociaal vyandiggesind en aggressief was. Daarteenoor het hy gevind dat die "nie-swemmers" meer terughoudend, ernstig, skaam, teruggetrokke, vriendelik en aangenaam van geaardheid was.

'n Onderzoek wat daarop gemik was om te bepaal of daar verskille bestaan in die persoonlikhede van deelnemsters aan individuele sportsoorte (d.w.s. sportsoorte waar individuele verteenwoordiging vereis is) en dié van deelnemsters aan spansportsoorte, is deur Weber, Peterson en Trousdale (35, bl. 686) onderneem. Hulle het hoofsaaklik van presteerders op internasionale vlak as proefpersone gebruik gemaak van wie 38 aan individuele sportsoorte (swem, perdry, gimnastiek en atletiek) en 59 in spansportsoorte (netbal en vlugbal) deelgeneem het. Die A-vorm van die Sixteen Personality Factor Questionnaire (16 PF) is deur beide groepe proefpersone voltooi. Die genoemde navorsers het bevind dat die sten-tellings ('n standaardtelling op 'n 10-puntbasis) vir die twee groepe bo en op die 9%-peil ten opsigte van 7 van die 16 veranderlikes beduidend verskil. Die vernaamste bevindinge waartoe die ondersoekers gekom het, was dat dié vroue wat aan individuele sportsoorte deelneem, meer dominerend, aggressief, avontuurlustig, sensitief (prikkelbaar),

selfvergenoegd en minder gesofistikeerd as die ander groep is. Uit hulle bevindinge het die navorsers verder ook tot die gevolgtrekking gekom dat die deelnemers aan die individuele sportsoorte baie selfversekerd en op die self ten opsigte van beslissings, aangewese is. Daarteenoor is bevind dat die deelnemers aan spansportsoorte baie meer prakties gerig, betroubaar en bestendig ten opsigte van hulle lewensbeskouing en -wandel is.

'n Soortgelyke ondersoek aan dié van bogenoemde drie navorsers is deur Husman (20, bl. 421) onderneem. Die Rosenzweig Picture Frustration Study, ses geselekteerde plate van Murray se Tematiese Appersepsie Toets en 'n Sinnevoltooiingslys (bestaande uit 20 items) is deur Husman op kollegestudente, wat saamgestel is uit 9 bokkers, 8 stoeiers, 9 landloopatlete en 17 nie-deelnemers aan sport, toegepas. Die hoë korrelasies tussen die beoordelings van Husman en dié van 'n onafhanklike beoordelaar het betroubaarheid aan Husman se bevindinge verleen. Statisties beduidende verskille tussen die gemiddeldes op die toetse op die 5%-betroubaarheidsvlak is ten opsigte van talle persoonlikheidsstrekke gevind wat onder andere op die volgende gedui het:

- (a) Die bokkers was die minste aggressief van al die proefpersone.
- (b) Die bokkers het hulle aggressie na die self gekeer en het die neiging geopenbaar om hulself vir hul frustrasies te blameer.
- (c) Die landloopatlete toon die sterkste neiging om aggressie na buite te rig.

Ander belangrike bevindinge wat egter nie op statisties beduidende verskille gedui het nie, was die volgende:

- (a) Na 'n seisoen van aktiewe deelname (a) daar aanduidings van verhoogde aggressie by al drie die sportgroepe.
- (b) 'n Neiging om die aggressie na binne te keer tydens toernooie waar die humeure maklik ontvlam en gemoedere soms hoog geloop het, was merkbaar.

Hierdie bevindinge van Husman is belangrik in dié opsig dat dit die opvatting weerspreek dat 'n fisiese kontak sportsoort (soos boks) nadelig is vir die vorming van die persoonlikheid, aangesien dit aggressiwiteit bevorder.

Die volgende is voorbeelde van ondersoeke wat onderneem is om te bepaal of 'n wisseling van omstandighede die persoonlikhede van deelnemers aan sport kan beïnvloed.

Johnson en Hutton (21, bl. 49) het met betrekking tot Buck se Huis-, Boom-, Mens-Persoonlikheidsprojeksietoets die persoonlikheids tendense van 8 stoeiers op tersiêre onderwysvlak onder verskillende omstandighede probeer bepaal. Genoemde projeksietoetse het Johnson en Hutton op 3 gesette tye op die proefpersone toegepas, naamlik voor die aanvang van die stoeiseisoen, 4 tot 5 uur voor die eerste interkollegebyeenkoms en op die oggend na afloop van die byeenkoms. Verder is ook 'n ontleding van die funksionele intelligensievermoë van die proefpersone gemaak. Die ondersoekers het bevind dat tydens die tweede fase die vlak van funksionele intelligensievermoë van 'n gemiddelde IK van 110 tot 'n gemiddeld van 92 gedaal het. Aanduidings van verhoogde angs, aggressiwiteit (dog onder streng kontrole) en liggaamsbewustheid is tydens genoemde fase gevind. Daar was ook aanduidings van neurotiese tendense. Gedurende die derde fase is bevind dat die funksionele intelligensievermoë soos tydens die eerste fase was; die neurotiese tendense het in 'n groot mate verdwyn en gevoelens van angs en aggressie was selfs minder as tydens die eerste fase.

Alhoewel dié ondersoek hoofsaaklik gemik was om die gebruik van projeksietoetse onder verskillende eksperimentele omstandighede te evalueer, was die bevindinge van so 'n aard dat dit aanleiding tot dergelike ondersoeke gegee het.

'n Ondersoek in genoemde verband is deur Werner en Gottheil (57, bl. 126) onderneem. Hulle studie was daarop gemik om te bepaal of deelname aan sport op tersiêre onderwysvlak 'n beduidende verskil ten opsigte van persoonlikheidsontwikkeling sal bewerkstellig. Die proefpersone was 456 studente aan die militêre akademie te Westpoint, waarvan 116 tydens toetrede aan genoemde inrigting as nie-deelnemers aan sport en 340 as deelnemers geklassifiseer is. Beide groepe is tydens toelating en net voor voltooiing van hul 4-jarige studies (waartydens almal onder andere gereeld aan sport deelgeneem het) aan toetse onderwerp. Die persoonlikheidsstoets wat gebruik is, was die Cattell Sixteen Personality Factor-vraelys. Werner en Gottheil het bevind dat die deelnemers se tellings op die persoonlikheidskaal op 7 van die 16 items beduidend van dié van die nie-deelnemers verskil het. Daarteenoor het hulle bevind dat wanneer die totale van verskille in gemiddeldes van die twee groepe (38.3 vir die deelnemers en 39.5 vir die nie-deelnemers) met mekaar vergelyk word, die verskille nie statisties beduidend was nie ( $t = 0.38$ ). Uit hulle bevindinge kom hulle tot die gevolgtrekking dat die nie-deelnemers ten opsigte van persoonlikheidsvorming nie 'n groter verandering as die deelnemers ondergaan het nie. 'n Vergelyking tussen die persoonlikheidsprofile tydens die toetstydperk het daarop gedui dat daar geen verskille in die

patroon van die persoonlikheidsvorming tussen die 2 proefgroepe was nie. 'n Derde bevinding was dat ten opsigte van persoonlikheidsvorming daar geen aanduidings was dat die nie-deelnemers 'n neiging het om soortgelyke persoonlikheidsstrekke as dié van die deelnemers te openbaar nie. Soos reeds vroeër gemeld, is die voorafgaande studies almal in die buiteland, hoofsaaklik die VSA, onderneem. 'n Studie wat in Suid-Afrika onderneem is, naamlik dié van Fourie, verdien egter die aandag.

Fourie (14) het 'n studie onderneem waarin hy 'n selfgestelde vraelys aan 185 seuns (109 koshuisgangers en 76 dagskoliere) vir voltooiing voorgelê het. In hierdie studie het hy ook uit die koshuisgangers 26 deelnemers aan sport en 26 nie-deelnemers gekies en hulle die Bemreuter-persoonlikheidsvraelys laat voltooi. Hy het slegs van seuns in st.9 gebruik gemaak, veral vanweë organisatoriese oorweginge en omdat hy beweer dat die fase waarin hierdie seuns verkeer, hom daartoe leen dat deelname aan sport prestige verleen. Uit die bevindinge van sy selfgestelde vraelys blyk dit dat die deelnemers aan sport 'n groter mate van leierskap openbaar (die korrelasie tussen die bevindinge ten opsigte van leierskap en deelname aan sport was 0,613). Dit blyk verder ook dat deelnemers meer gewild onder hul leeftydgenote is, oor meer selfvertroue beskik en oor die algemeen 'n groter mate van sosiale aanpasbaarheid vertoon. Sy bevindinge ten opsigte van die vergelyking tussen deelnemers en nie-deelnemers word in tabel 2.6 weergegee.

TABEL 2,6  
VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE PRESTASIE VAN 'N GROEP DEELNEMERS EN NIE-DEELNEMERS TEN OPSIGTE VAN DIE VERSKILLENDE VELDE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSVRAELYS

Persoonlikheidsstrekke	Deelnemers		Nie-deelnemers		Verskil in gemiddeldes	Beduidendheid van verskil
	Gemiddeld	Standaardafwyking	Gemiddeld	Standaardafwyking		
Neuroties	-6.807	25.29	8.346	29.10	-13.153	-
Selfgenoegsaam	1.615	13.88	2.153	14.44	3.768	-
Ekstro-/Introvertief	1.000	16.19	6.190	18.93	-5.19	-
Dominerend	11.153	18.77	-0.867	19.56	11.96	op 5%-vlak
Selfvertrouend	3.5	23.76	14.500	27.54	-11.00	-
Sosialiteit	-4.576	20.49	1.23	20.89	-5.81	-

Uit die bevindinge, soos weergegee in bostaande tabel, blyk dit dat die enigste beduidende verskil op die "Dominance" (Dominerend)- veranderlike voorkom (op die 5%-peil). Fourie meld verder dat alhoewel die ander verskille wat voorkom nie statisties beduidend is nie, dit nogtans blyk asof deelnemers oor meer selfvertroue beskik en meer dominerend en ekstrovertief as nie-deelnemers is.

### 2.3.3 Samevatting en gevolgtrekkings ten opsigte van die empiriese ondersoeke

#### (a) Samevatting en gevolgtrekkings ten opsigte van ondersoeke na die moontlike verband tussen deelname aan sport en akademiese prestasie

(1) Vroeëre sowel as resente ondersoeke se bevindinge dui steeds op teenstrydighede wat daartoe bydra dat daar nog geen uitsluitel oor bogenoemde aangeleentheid bestaan nie.

(2) Ondersoeke wat veral voor 1930 onderneem is, het aan ernstige gebreke mank gegaan wat beslis 'n invloed op die resultate moes uitgeoefen het.

(3) Die ondersoeke wat sedert 1930 (veral dié na 1950) onderneem word, word op 'n meer wetenskaplik beplande basis aangepak sodat die betroubaarheid en die geldigheid van die bevindinge sodoende verhoog word.

(4) Die neiging bestaan om langtermynondersoeke te onderneem wat beslis die betroubaarheid en geldigheid van bevindinge verhoog.

#### (b) Samevatting en gevolgtrekkings ten opsigte van ondersoeke na die sielkundige aspekte van deelname aan sport

(1) Die ondersoeke dui daarop dat daar 'n besliste verband tussen deelname aan sport en die vorming van die persoonlikheid bestaan.

(2) Uit die bevindinge blyk dit dat deelnemers aan sport in vergelyking met nie-deelnemers karaktereienskappe openbaar wat hulle sosiale aanpassing vergemaklik.

(3) Alhoewel heelwat ondersoeke tiperende karaktereienskappe aan deelnemers en nie-deelnemers koppel, blyk dit dat daar egter nog teenstrydige bevindinge voorkom wat 'n ver-

algemening van resultate nie moontlik maak nie.

(4) Daar bestaan 'n behoefte aan langtermynondersoeke wat, indien sodanige ondersoeke onderneem sou word, oor meer oortuigingswaarde sal beskik.



HOOFSTUK 3  
METODE VAN ONDERSOEK

3.1 AGTERGROND VAN HIERDIE STUDIE: PROJEK TALENTOPNAME

3.1.1 Aanleiding tot genoemde projek

Die fenomenale ekonomiese en industriële vooruitgang in Suid-Afrika veroorsaak 'n toenemende vraag na opgeleide mannekrag. Dit vereis derhalwe maksimale benutting van die beskikbare mannekrag. Gevolglik is dit ook noodsaaklik dat elke individu in die geleentheid gestel word tot die optimum gebruik van sy of haar vermoëns.

Ten einde die mannekragpotensiaal van ons land te bepaal en onder andere te verseker dat toepaslike onderwys en opleiding verskaf word, het die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing (tans die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing), Projek Talentopname geloods.

Die gegewens wat tydens hierdie projek versamel is, is in hierdie studie gebruik om deelnemers aan sport met nie-deelnemers te vergelyk.

3.1.2 Doel met Projek Talentopname

Die breë doelstelling met Projek Talentopname is om 'n antwoord te vind op die vraag: WAT IS ONS LAND SE BLANKE MANNEKRAGPOTENSIAAL en om gegewens beskikbaar te stel om hierdie potensiaal TOT DIE MAKSIMUM TE LAAT ONTWIKKEL.

Hieruit vloei die volgende doelstellings naamlik -

- (i) om 'n raming van die Blanke mannekragpotensiaal van Suid-Afrika te verkry,
- (ii) die bepaling of identifisering van faktore en/of omstandighede wat bevorderlik of stremmend is vir die maksimale ontwikkeling van die Blanke mannekragpotensiaal,
- (iii) die ontwikkeling en implementering van geldige en betroubare sielkundige toetse (en ander hulpmiddels) soos benodig vir die beoogde nasionale stelsel van gedifferensieerde onderwys,
- (iv) die bestudering van begaafdheid en identifisering van begaafdes, en
- (v) om die leerlinge wat aan die ondersoek deelneem, self soveel moontlik voordeel uit hul deelname te laat trek.

3.1.3 Die aard en omvang van Projek Talentopname

Gedurende 1965 is alle blanke st.6-leerlinge in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika, dit wil sê ± 70,000 leerlinge, getoets. Hierdie leerlinge is almal weer gedurende hulle st.8-jaar getoets, dit wil sê gedurende 1967 en daar word beoog om weer gedurende 1969, dit wil sê hul st.10-jaar, die toetsprogram te herhaal.

Leerlinge verbonde aan kerk- en privaatskole, provinsiale skole en skole van die Departement van Hoër Onderwys, is by dié projek betrek. Subnormale leerlinge in spesiale klasse of skole en leerlinge verbonde aan nywerheidskole is hierby uitgesluit aangesien hulle reeds spesiale onderwys in ooreenstemming met hulle vermoëns ontvang.

3.1.4 Toetsmateriaal wat tydens die 1965-toetsprogram gebruik is

Die volgende toetse en vraelyste is tydens die ondersoek gebruik (32, bl. 3):

(a) Nuwe Suid-Afrikaanse Groepstoets (Intermediêr) NSAG

Dié toets gee 'n betroubare meting van die verstandelike vermoë van leerlinge en maak voorsiening vir drie tellings naamlik Nie-verbale, Verbale en Totale IK.

(b) Junior aanlegtoets

Dié toets gee 'n betroubare en objektiewe meting van die vermoë om kennis en vaardighede in verskeie, min of meer spesifieke, rigtings te verwerf en is geskik vir leerlinge vanaf st. 4 tot st. 8.

(c) Tegniese toetse

Die algemene vermoë in 'n tegniese rigting en moontlike sukses in vyf van die vernaamste vakrigtings of ambagte binne die tegniese rigting word gemeet.

(d) Handelstoetse

Hierdie toets gee 'n objektiewe en betroubare beeld van 'n leerling se algemene vermoë in die handelsrigting en van sy moontlikhede in sekere van die vernaamste terreine binne die handelsrigting. Dit is geskik vir leerlinge van st.6 tot st.8.

(e) Algemene toetse in Taal en Rekenkunde

Die doel met hierdie toetse is om 'n betroubare en geldige meting van die leerling se algemene taalkundige vermoë en kennis te verkry en is geskik om st.6-leerlinge aan die begin van die jaar te toets.

(f) Spellingtoetse

Die vermoë om Afrikaans en Engelse woorde korrek te spel, kan hiermee gemeet word en kan op leerlinge van st.1 tot st. 10 toegepas word.

(g) Geskiedenisstoets

Hierdie toets is bedoel om leerlinge in sts. 6 tot 8 se kennis oor Suid-Afrikaanse geskiedenis te toets.

(h) Aardrykskunde- en Wetenskaptoetse

Die toets van vakkennis op hierdie terreine kan hiermee geskied.

(i) Aanpassingsvraelys

Hierdie vraelys bepaal die persoonlike en sosiale aanpassing van persone tussen 12- en 17-jarige ouderdom en dek 10 persoonlikheidsvelde, naamlik: Selfvertroue, gevoel van eiewaarde, gevoel van persoonlike vryheid, gevoel van aanvaarding en erkenning, simptome van senuweeagtigheid, morele inslag, huislike verhoudings en emosionaliteit.

(j) Die Hoërskool-persoonlikheidsvraelys (HSPV)

Hierdie vraelys meet en identifiseer die volgende 14 onafhanklike persoonlikheidsdimensies van leerlinge tussen 13- en 18-jarige ouderdom: Vriendelikheid, intelligensie, egosterkte, prikkelbaarheid, selfhandhawing, entoesiasme, pligsgetrouheid, avontuurlustigheid, sensitiwiteit, passiewe individualisme, vreesagtigheid, selfgenoegsaamheid, selfbeheersing en gespannenheid.

(k) Die GSZ-Belangstellingsvraelys

Hierdie vraelys is geskik vir 13- tot 18-jarige leerlinge en meet die volgende: belangstelling in kuns, taalkundige belangstelling, wetenskaplike belangstelling, meganiese belangstelling, buitenshuise belangstelling, besigheids- en politieke belangstelling, belangstelling in sosiale dienste, belangstelling in persoonlike bystand en belangstelling in kantoorwerk.

(l) Die Biografiese en Houdingsvraelys (NB 634)

Dié vraelys is spesiaal opgestel vir die doel van die talentopname en bevat onder andere vrae ten opsigte van die leerlinge se stokperdjies; deelname aan sport; beroepskeuse; beroep- en finansiële status van ouers; gesinsgrootte; die leerlinge se houding ten opsigte van godsdienste, die skool en huiswerk.

(m) Vraelys aan st.6-klasonderwyser(es) insake die st.6-leerling (NB 636)

Hierdie vraelys is kort en bestaan uit 14 items wat deur die st.6-klasonderwyser(es) ten opsigte van elke st.6-leerling ingevul moet word. Dit sluit onder andere vrae in met betrekking tot die leerling se skoolprestasie, vermoë tot leierskap, afwesigheid van skool, ywer ten opsigte van skoolwerk en kans om st. 10 te kan slaag.

(n) Vraelys aan hoofde van skole

Hierdie vraelys was nie deel van die 1965-toetsbattery nie maar wel deel van die toetsprogram. Die doel met die vraelys was om onder andere inligting te bekom insake die verloop van die toetsprogram by elke skool, dit wil sê om sover as moontlik die omstandighede waaronder die toetse by 'n spesifieke skool toegepas is, te bepaal. Hierdie inligting was nodig om leerlinge se resultate so korrek as moontlik te evalueer. Die vraelys het uit 16 items bestaan wat deur die skoolhoof van elke skool (of iemand deur hom aangewys) beantwoord moes word.

### 3.2 METODE VAN ONDERSOEK TEN OPSIGTE VAN DIE VERGELYKING TUSSEN DEELNEMERS AAN SPORT EN NIE-DEELNEMERS

#### 3.2.1 Keuse van die proefgroep

(a) Inleidende opmerkings

Daar is besluit om soveel moontlik van die proefpersone van Projek Talentopname by

hierdie studie te betrek. Derhalwe word daar met die universum van 1965 se standaard ses-leerlinge gewerk en word daar nie 'n steekproef getrek nie.

Slegs die seuns wat aan Projek Talentopname deelgeneem het, is as proefgroep gekies. Die rede hiervoor is dat sportprogramme aan Suid-Afrikaanse hoërskole oënskynlik voorsiening maak vir deelname deur seuns.

Ook is besluit om slegs van seuns wat gedurende die skoolkwartaal in stede woonagtig was, proefpersone te kies, aangesien die geleentheid om aan 'n verskeidenheid sportsoorte deel te neem, by uitstek aan die stadsbewoner gebied word.

(b) Die wyse waarop die proefgroep saamgestel is

(1) Samestelling van die hoofgroepe

Die antwoorde op die volgende sleutelvrae in die Biografiese Vraelys is gebruik om deelnemers van nie-deelnemers te skei:

Vraag 57

Merk die een aktiwiteit waarvan jy die meeste hou:

Om aan sport deel te neem	A
Om plate te speel en/of radio te luister	B
Om self 'n musiekinstrument te bespeel	C
Om bioskoop toe te gaan	D
Om boeke te lees	E
Om by jou vriende te kuier	F
Om met jou stokperdjie besig te wees	G

Vraag 58

Merk die stelling wat op jou van toepassing is:

Ek hou niks van sport nie	A
Ek is nie seker of ek van sport hou nie	B
Ek hou baie van sport	C

Vraag 43

Naastebly hoeveel uur per week bestee jy aan buitemuurse aktiwiteite?

Neem glad nie aan buitemuurse aktiwiteite deel nie	A
4 uur of minder per week	B
5 tot 9 uur per week	C
10 tot 14 uur per week	D
15 tot 19 uur per week	E
20 uur of meer per week	F

Deelnemers aan sport

Diegene wat soos volg geantwoord het:

Vraag 57 A  
Vraag 58 C  
Vraag 43 B tot F

Nie-deelnemers

Diegene wat soos volg geantwoord het:

Vraag 57 B tot G  
Vraag 58 A en B  
Vraag 43 A

Ten einde diegene wat gedurende die skoolkwartaal stadsbewoners is, te betrek, is die volgende sleutelvraag van die Biografiese Vraelys gebruik:

Waar woon jy gedurende die skoolkwartaal?

Op 'n plaas	A
Op 'n plot naby 'n stad of dorp	B
In 'n dorp	C
In 'n stad of voorstad	D

Diegene wat D aangedui het, is gekies.

(2) Keuse van die subgroepe

Ten einde die deelnemers en die nie-deelnemers op 'n vergelykbare vlak te stel, is die volgende subgroepering onderneem:

(i) Volgens verstandelike vermoë

(a) Leerlinge met bo-gemiddelde verstandelike vermoë, dit wil sê diegene met 'n IK van 112 of meer, soos op die NSAG (totaaltelling) behaal.

(b) Leerlinge met 'n gemiddelde verstandelike vermoë, dit wil sê diegene met 'n IK van 89 tot 111, soos op die NSAG (totaaltelling) behaal.

(c) Leerlinge met 'n onder-gemiddelde verstandelike vermoë, dit wil sê diegene met 'n IK van 88 of minder, soos op die NSAG (totaaltelling) behaal.

(ii) Volgens sosio-ekonomiese agtergrond

Om die groepe verder ten opsigte van sosio-ekonomiese agtergrond vergelykbaar te stel, is 'n verdere verdeling onderneem en wel volgens die beroep van die vader of stiefvader of voog. Die volgende vraag het as sleutel tot die verdeling gedien:

Biografiese Vraelys, vraag 5:

Wat is die beroep van jou vader/stiefvader/voog wat vir jou verantwoordelik is?

(Sê duidelik wat hy doen, byvoorbeeld predikant, boer, onderwyser, advokaat, raadgeerder op spoorweë, klerk, winkelleienaar ens.). Ten opsigte van die klassifikasie van die antwoorde is die indeling, soos in Projek Talentopname gebruik, van toepassing gemaak naamlik:

Professioneel en semi-professioneel	A
Administratief	B
Klerklik	C
Verkoopswerkers	D
Geskoolde ambagsmanne	E
Opgeleide buitewerkers	F
Boere, Tuiniers, Bosbouers, Vissers	G
Persoonlike en huishoudelike dienste	H
Operateurs en halfgeskoolde werkers	I
Ongeskoolde werkers	J
Huisvrou en pensionarisse	K
Geen beroep	L

Bogenoemde subgroepe is vir die doel van hierdie studie soos volg ingedeel:

(a) Professioneel, semi-professioneel, administratief en klerklik (Antwoorde A, B en C).

(b) Die res (Antwoorde D tot L) "Nie-professioneel".

(3) 'n Samevattende beeld van die proefgroepe

Ten einde 'n samevattende beeld van die proefgroepe te gee, word van die volgende afkortings gebruik gemaak:

(i) (a) Deelnemers aan sport S.P.T.  
(b) Nie-deelnemers N.S.P.

(ii) Volgens geleentheid tot sportbeoefening dit wil sê stadsbewoner S.T.

(iii) Verstandelike vermoë (IK)

(a) Bogemiddeld B.G.  
(b) Gemiddeld G.E.  
(c) Ondergemiddeld O.G.

(iv) Volgens beroep van vader/stiefvader/voog:

(a) Professioneel, semi-professioneel, administratief, en klerklik ("professioneel") P.R.  
(b) Die res ("nie-professioneel") N.P.R.

Die samestelling en grootte van die proefgroepe sien dus soos volg daaruit:

### Deelnemers

SPT, PR, BG	=	1082 leerlinge
SPT, PR, GE	=	1269 leerlinge
SPT, PR, OG	=	163 leerlinge
SPT, NPR, BG	=	708 leerlinge
SPT, NPR, GE	=	1669 leerlinge
SPT, NPR, OG	=	421 leerlinge

### Nie-deelnemers

NSP, PR, BG	=	130 leerlinge
NSP, PR, GE	=	266 leerlinge
NSP, PR, OG	=	97 leerlinge
NSP, NPR, BG	=	130 leerlinge
NSP, NPR, GE	=	489 leerlinge
NSP, NPR, OG	=	316 leerlinge

Die proefpersone in elke proefgroep is die totale aantal seuns (van die universum) wat aan al die vereistes om as deelnemers en nie-deelnemers geklassifiseer te word, voldoen het.

### 3.2.2 Die keuse van veranderlikes

#### (a) Inleidende opmerking

Nadat die groepe ingedeel is, is toepaslike kriteriums van skoolprestasie, persoonlikheidsontwikkeling en aanpassing uit die beskikbare kriteriums gekies. Ten einde te bepaal of die verskille tussen die prestasie van deelnemers en nie-deelnemers beduidend is, is t- of Z-waardes bereken (afhangende van die grootte van die proefgroep). Die prestasie van die proefpersone word in 'n stanege\*-punt uitgedruk.

Van elk van die 12 proefgroepe is die volgende statistiek ten opsigte van die veranderlikes verkry:

- (1) Frekwensie (f).
- (2) Persentasie-frekwensie (%f).
- (3) Standaardafwyking (S)†.
- (4) Rekenkundige gemiddeld ( $\bar{X}$ )†.

#### (b) Veranderlikes wat gebruik word

Die deelnemers en die nie-deelnemers word ten opsigte van hulle prestasie op die volgende veranderlikes vergelyk:

##### (1) Skolastiese prestasie

Ten einde die skolastiese prestasie van die proefpersone te bepaal, is van die volgende gegewens gebruik gemaak:

(i) Gemiddelde persentasie van totale vir alle vakke gedurende die st.6-eksamen behaal (intervalle van 10 persent).

(ii) Resultate van die Algemene toetse vir Taal en Rekenkunde. Die Taaltoets maak voorsiening vir die Moedertaal en bestaan derhalwe uit 'n toets vir Afrikaans as eerste taal en Engels as eerste taal.

##### (2) Persoonlikheid

Ten einde 'n vergelyking te maak tussen die persoonlikheidsienskappe van deelnemers en nie-deelnemers word al 14 die persoonlikheidsdimensies van die Hoërskool-persoonlikheidsvraelys gebruik.

##### (3) Aanpassing

Ten einde die persoonlike en sosiale aanpassing van deelnemers met nie-deelnemers te vergelyk, word die 10 persoonlikheidsvelde van die Aanpassingsvraelys gebruik.

\*Dit is 'n standaard skaal bestaande uit 9 standaardpunte (elke standaardpunt verteenwoordig 'n prestasie van 'n sekere deel van die norm-groep.)

†Slegs hierdie statistiek word in die verslag weergegee.

(c) Evaluering van tellings op die veranderlikes

(1) Algemene toetse vir Taal en Rekenkunde

Die interpretasie van tellings deur die proefgroepe in bogenoemde toetse behaal, is soos volg:

<u>Stanege</u>	<u>Prestasiepeil</u>
1	Baie swak
2 en 3	Swak
4, 5 en 6	Gemiddeld
7 en 8	Goed
9	Baie goed

(2) Die totale eksamenpunt

Die totale eksamenpunt word in intervalle van 10 persent weergegee en word gerieflikheidshalwe saam met die resultate van die Taal- en Rekenkundefoets in dieselfde tabelle aangebied sonder vermelding van die feit dat dit nie stanegetellings is nie.

(3) Die persoonlikheidsdimensies soos gemeet deur die HSPV

Die veertien persoonlikheidsdimensies word deur 'n alfabetiese letter aangedui, en soos volg geïnterpreteer\*.

Lae telling	Alfabetiese benaming en persoonlikheidsdimensie	Hoë telling
(Stanege 1-3)		(Stanege 7-9)
	A	
	Vriendelikheid	
Teruggetrokke, afsydig, krities, koel		Na-buite-lewend, hartelik, sorgeloos, deelnemend
	B	
	Intelligensie	
Minder intelligent, konkreetdenkend, minder skolastiese verstandelike vermoë		Meer intelligent, abstrakdenkend, meer skolastiese verstandelike vermoë
	C	
	Egosterkte	
Aantasbaar deur gevoelens, emosioneel minder stabiel, maklik ontstel, veranderlik, minder egosterkte		Emosioneel stabiel, sien die werklikheid in die oë, kalm, meer egosterkte (nie dieselfde as egoïsties)
	D	
	Prikkelbaarheid	
Flegmaties, doelbewus, onaktief, swaarwigtig		Prikkelbaar, opgewonde, ongeduldig, veeleisend, ooraktief
	E	
	Selfhandhawing	
Gehoorzaam, gematig, insiklik, gedwee		Aanmatigend (laat homself geld), onafhanklik, aggressief, hardkoppig, dominerend
	F	
	Entoesiasme	
Sober, versigtig, ernstig, swygsaam		Onbesorgd, vrolik, entoesiasies, impulsief, opgewek
	G	
	Pligsgetrouheid	
Opportunisties, ontwyk reëls, voel min verpligtings, het minder super-egosterkte		Pligsgetrou, volhardend, stemmig, reëlgebonde, het meer super-egosterkte

\* Volgens die handleiding vir die Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys

	H <u>Avontuurlus</u>	
Skaam, beheersd, onvrymoedig, sku		Waaghalsig, sosiaal, vrypostig, ongeinhibeerd, spontaan
	I Sensitiwiteit	
Ontoegieflik, selfstandig, realisties, verdra geen bogtery nie		Teerhartig, afhanklik, oorbeskermd, fyngesoelig
	J <u>Passiewe indiwidualisme</u>	
Lewenskragtig, gaan gedeelik saam met die groep, lewensbly, tree handelend op		Weifelagtig, dwarstrekkerig, indiwidualisties, peinsend, innerlik terughoudend, onwilling om handelend op te tree
	O <u>Vreesagtigheid</u>	
Kalm, vol selfvertroue, bedaard, onbekommerd		Bevrees, bekommerd, neerslagtig, onrustig, geneig tot skuldgevoelens
	Q <sub>2</sub> <u>Selfgenoegsaamheid</u>	
Groepafhanklik, 'n aanhanger en 'n goeie volgeling		Selfgenoegsaam, verkies eie besluite, vindingryk
	Q <sub>3</sub> <u>Selfbeheersing</u>	
Geneig tot ongedisiplineerde selfkonflik, verontagsaam protokol, volg eie drange, gebrek aan integrasie		Beheersd, sosiaal-korrekt, selfgedisiplineerd, kompulsief, hoë mate van selfsentiment
	Q <sub>4</sub> <u>Gespannerheid</u>	
Ontspanne, rustig, traag, ongefrustreerd		Gespanne, aangedrewe, oorspanne, gefrustreerd

(4) Die aanpassingsvelde soos gemeet deur die Aanpassingsvraelys

Alhoewel bykomstige faktore, wat nie tydens die toetsituasie geïdentifiseer en beheer kan word nie, die prestasie van 'n proefpersoon(e) kan beïnvloed en sodoende 'n korrekte interpretasie bemoeilik, word die volgende interpretasies gewoonlik ten opsigte van die afsonderlike velde van aanpassing gemaak\*:

(i) Veld I : Selfvertroue

'n Lae puntetelling word deur persone met 'n sterk gevoel van selfvertroue behaal, en omgekeerd, 'n hoë puntetelling deur persone met 'n gebrek aan selfvertroue.

(ii) Veld II : Gevoel van eiewaarde

'n Lae puntetelling word deur persone met 'n sterk gevoel van eiewaarde, en omgekeerd, 'n hoë puntetelling deur persone met gebrekkige gevoel van eiewaarde behaal.

(iii) Veld III : Gevoel van persoonlike vryheid

'n Lae puntetelling word deur persone wat wel genoegsame persoonlike vryheid geniet, behaal, en 'n hoë puntetelling deur persone wie se persoonlike vryheid ernstig beperk word.

(iv) Veld IV : Gevoel van aanvaarding en erkenning

'n Lae puntetelling word deur 'n persoon wat erken voel, en omgekeerd, 'n hoë telling deur die persoon wat misken voel, behaal.

(v) Veld V : Sosiale verhoudings

'n Hoë puntetelling in hierdie afdeling is 'n aanduiding van moontlike oormatige teruggetrokkenheid.

(vi) Veld VI : Simptome van senuweeagtigheid

'n Hoë telling dui op die aanwesigheid van 'n hoë mate van senuweeagtigheid.

\* Volgens die handleiding vir die Aanpassingsvraelys

(vii) Veld VII : Morele inslag

'n Hoë puntetelling word deur persone met 'n sterk morele inslag en 'n lae puntetelling deur diegene met 'n swak morele inslag behaal.

(viii) Veld VIII : Huislike verhoudings

'n Lae telling word deur diegene wat goed aangepas is in die gesinsituasie behaal en 'n hoë telling deur diegene wat wanaangepas is.

(ix) Veld IX : Skoolverhoudings

'n Lae puntetelling word deur diegene wat goed aangepas is in die skoolverhouding behaal terwyl 'n hoë telling deur diegene wat wanaangepas is, in die skoolverhoudings behaal word.

(x) Veld X : Emosionaliteit

'n Hoë puntetelling in hierdie afdeling is 'n aanduiding van 'n emosionele onrypheid of onstabiliteit terwyl 'n lae telling op emosionele stabiliteit dui.

(xi) Erns waarmee die vraelys beantwoord is

Die 10 vrae in hierdie afdeling is van so 'n aard dat die meerderheid van die persone wat dit beantwoord, nie "gunstig" kan antwoord nie. Indien 'n toetsling dus die meeste of al die vrae "gunstig" beantwoord, moet daar ernstig getwyfel word aan die geldigheid van sy antwoorde op die vraelys as geheel.

### 3.3 SAMEVATTING

Samevattend kan gemeld word dat gegewens wat tydens Projek Talentopname verkry is, dit moontlik gemaak het om ses groepe deelnemers aan sport met ses groepe nie-deelnemers te vergelyk. Sodanige vergelyking word ten opsigte van skolastiese prestasie, persoonlikheidsdimensies en persoonlike en sosiale aanpassing gemaak.



HOOFSTUK 4  
RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK

4.1 INLEIDENDE OPMERKING

Daar sal opgemerk word dat in sommige gevalle die aantal proefpersone in 'n klassifikasiegroep ten opsigte van sekere veranderlikes nie gelyk is nie, en wel weens die afwesigheid van leerlinge, as gevolg van siekte of ander faktore, tydens die afneem van die betrokke toetse. Daar moet ook gemeld word dat die jaargemiddeldes wat van die onderwysers aangevra is, nie in alle gevalle ontvang is nie. Verder moet kennis geneem word dat slegs Afrikaanssprekende leerlinge die Afrikaanse Moedertaaltoets en Engelssprekende leerlinge die Engelse Moedertaaltoets afgelê het.

4.2 RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK EN DIE BESPREKING VAN TENDENSE SOOS GEVIND BY DIE VERSKILLENDE PROEFGROEPE

4.2.1 Die deelnemers aan sport en die nie-deelnemers wat almal 'n bogemiddelde intelligensie het, en wie se vaders 'n "professionele" beroep beoefen.

(a) Resultate en bespreking van tendense.

(1) Skoolprestasie

'n Vergelyking tussen die skoolprestasie van die deelnemers en die nie-deelnemers (vergelyk tabel 4.1) toon 'n beduidende verskil (op die 1%-peil) ten opsigte van slegs een van die veranderlikes naamlik die Rekenkundoets. Dit blyk dat die prestasie van die deelnemers beduidend beter is as dié van die nie-deelnemers ten opsigte van genoemde gestandaardiseerde toets. Hieruit kan afgelei word dat die deelnemers geneig is om op rekenkundige gebied beter as die nie-deelnemers te presteer.

TABEL 4.1

VERGELYKING TUSSEN DIE SKOOLPRESTASIE (VOLGENS DIE GEMIDDELDE STANEGEPUNT EN DIE STANDAARDAFWYKING TEN OPSIGTE VAN DIE ATTR) VAN DIE DEELNEMERS EN DIE NIE-DEELNEMERS WAT ALMAL 'N BOGEMIDDELDE INTELLIGENSIE HET EN WIE SE VADERS 'N "PROFESSIONELE" BEROEP BEOEFEN

Prestasieveld	Deelnemers			Nie-deelnemers			Z-Waarde	Beduidende heidspeil
	N	$\bar{X}$	S	N	$\bar{X}$	S		
Afrikaans Moedertaal	345	6.846	1.333	299	7.065	1.405	46	-1.031
Engels Moedertaal	860	6.728	1.469	778	6.963	1.365	82	-1.356
Rekenkunde	1205	7.086	1.487	1077	6.688	1.643	128	2.842
Jaargemiddelde	1134	5.889	1.172	1006	5.711	1.105	128	1.646

(2) Persoonlikheidsdimensies en persoonlike en sosiale aanpassing

Volgens tabel 4.2 blyk dit dat daar beduidende verskille op al die persoonlikheidsvelde behalwe dié vir Intelligensie voorkom. Die feit dat daar ten opsigte van laasgenoemde veld geen beduidende verskil voorkom nie, stem ooreen met die bevindinge op die NSAG en verleen dus betroubaarheid aan die afparing van die proefgroepe. Met die uitsondering van die Gespannenheidpersoonlikheidsveld (hier is die verskil in gemiddeldes beduidend op die 5%-peil) is alle verskille wat voorkom, beduidend op die 1%-peil. Die deelnemers het hoër tellings op die Vriendelikheid-, Egosterkte-, Selfhandhawing-, Entoesiasme-, Pligsgetrouheid-, Avontuurlustigheid- en Selfbeheersing-persoonlikheidsveld en die nie-deelnemers hoër tellings op die Prikkelbaarheid-, Sensitiwiteit-, Passiewe Indiwidualisme-, Vreesagtigheid-, Selfgenoegsaamheid- en Gespannenheid-persoonlikheidsvelde behaal. Genoemde bevindinge dui daarop dat die deelnemers meer vriendelik, emosioneel stabiel, selfgeldend, entoesiasties, pligsgetrou, avontuurlustig en selfgedissiplineerd as die nie-deelnemers is. Verder toon die resultate dat die deelnemers minder prikkelbaar, fyngvoelig, weifelagtig, selfgenoegsaam en gespanne as die nie-deelnemers is. Hierdie bevindinge dui daarop dat die deelnemers 'n meer gebalanseerde persoonlikheidsontwikkeling vertoon.

TABEL 4.2

VERGELYKING TUSSEN DIE PERSOONLIKHEIDSTREKKE (VOLGENS GEMIDDELDE STANESEPUNT EN STANDAARDAFWYKING TEN OPSIGTE VAN VELDE VAN DIE HSPV) VAN DEELNEMERS EN NIE-DEELNEMERS WAT ALMAL 'N BOGEMIDDELDE INTELLIGENSIE HET EN WIE SE VADERS 'N "PROFESIONELE" BEROEP BEOEFEN

Persoonlikheidstrekk	N	Deelnemers			Nie-deelnemers			Z-Waarde	Beduidendeheidspeil
		$\bar{X}$	S	N	$\bar{X}$	S	N		
Vriendelikheid	1205	5.55	2.068	1077	4.45	1.948	128	5.719	1%
Intelligensie	1205	6.60	1.795	1077	6.55	1.727	128	0.299	
Egosterkte	1205	5.31	1.957	1077	4.34	2.074	128	5.263	1%
Prikkelbaarheid	1205	4.70	2.011	1077	5.20	2.016	128	-2.656	1%
Selfhandhawing	1205	5.54	1.978	1077	4.23	2.032	128	7.057	1%
Entoesiasme	1205	5.66	2.072	1077	4.70	2.083	128	4.949	1%
Pligsgetrouheid	1205	5.53	1.964	1077	4.90	1.828	128	3.453	1%
Avontuurlustigheid	1205	5.73	2.110	1077	4.76	2.196	128	4.891	1%
Sensitiwiteit	1205	4.32	1.949	1077	5.12	2.164	128	-4.333	1%
Passiewe Individualisme	1205	4.06	1.932	1077	5.33	2.024	128	-6.989	1%
Vreesagtigheid	1205	4.52	1.954	1077	5.08	2.022	128	-3.051	1%
Selfgenoegsaamheid	1205	4.60	1.991	1077	5.50	1.968	128	-4.837	1%
Selfbeheersing	1205	5.16	2.031	1077	4.63	2.011	128	2.792	1%
Gespannenheid	1205	4.70	1.996	1077	5.16	1.960	128	-2.468	5%

Uit tabel 4.3 blyk dit dat beduidende verskille op die 1%-peil ten opsigte van die Selfvertroue-, Gevoel van Eiewaarde-, Gevoel van Aanvaarding-, Sosiale Verhoudings- en Skoolverhoudings-aanpassingsveld voorkom. Ook kom verskille op die 5%-peil voor ten opsigte van die Emosionaliteit- en Senuweeagtigheid-aanpassingsveld. Hierdie resultate dui daarop dat deelnemers aan sport ten opsigte van hul medemenslike verhoudings 'n groter mate van selfvertroue en emosionele ryphed openbaar, in 'n groter mate 'n gevoel van eiewaarde, aanvaarding en erkenning geniet en derhalwe sosiaal meer aanpasbaar is.

TABEL 4.3

VERGELYKING TUSSEN DIE AANPASSING (VOLGENS GEMIDDELDE STANESEPUNT EN STANDAARDAFWYKING TEN OPSIGTE VAN DIE AANPASSINGSVRAELYS) VAN DEELNEMERS EN NIE-DEELNEMERS WAT ALMAL 'N BOGEMIDDELDE INTELLIGENSIE HET EN WIE SE VADERS 'N "PROFESIONELE" BEROEP BEOEFEN

Aanpassingsvelde	N	Deelnemers			Nie-deelnemers			Z-Waarde	Beduidendeheidspeil
		$\bar{X}$	S	N	$\bar{X}$	S	N		
Selfvertroue	1208	4.28	1.888	1078	5.22	1.882	130	-5.360	1%
Gevoel van eiewaarde	1208	4.04	1.698	1078	4.48	1.898	130	-2.752	1%
Gevoel van persoonlike vryheid	1208	4.97	1.461	1078	5.19	1.479	130	-1.618	
Gevoel van aanvaarding en erkenning	1208	4.26	1.716	1078	4.84	1.945	130	-3.583	1%
Sosiale verhoudings	1208	4.68	1.841	1078	5.91	1.871	130	-7.178	1%
Senuweeagtigheid	1208	4.24	1.675	1078	4.60	1.859	130	-2.285	5%
Morele inslag	1208	4.72	1.981	1078	4.88	2.156	130	-0.861	
Huislike verhoudings	1208	4.85	1.318	1078	5.02	1.378	130	-1.381	
Skoolverhoudings	1208	4.54	1.839	1078	5.16	1.976	130	-3.598	1%
Emosionaliteit	1208	4.13	1.746	1078	4.52	2.001	130	-2.364	5%
Erns waarmee vraelys voltooi is	1208	4.20	1.429	1078	4.46	1.550	130	-1.940	

(b) Samevattende beeld

Alhoewel die deelnemers op rekenkundige gebied beter presteer het, wil dit voorkom asof hulle skoolprestasie nie beduidend beter as dié van die nie-deelnemers is nie. Die persoonlikheidsontwikkeling van die deelnemers is egter sodanig dat hulle beslis bo die nie-deelnemers begunstig word. Hierdie positiewe persoonlikheidstrekk verleen aan die deelnemers 'n meer persoonlikheidsstruktuur wat blykbaar daartoe bydra dat hulle in vergelyking met die nie-deelnemers, gunstiger op sosiale terrein verkeer. Aangesien hierdie deelnemers oor 'n bogemiddelde intelligensie beskik, 'n gebalanseerde persoonlikheidsontwikkeling en daarby ook 'n groter mate van sosiale aanpasbaarheid vertoon, kan hulle die wêreld van die volwassene met groter vrymoedigheid as die nie-deelnemers betree.

4.2.2 Die deelnemers aan sport en die nie-deelnemers wat almal 'n gemiddelde intelligensie het en wie se vaders 'n "professionele" beroep beoefen

(a) Resultate en bespreking van tendense

(1) Skoolprestasie

Volgens die resultate (vergelyk tabel 4.4) blyk dit dat beduidende verskille tussen die skoolprestasie van deelnemers en nie-deelnemers, ten gunste van eersgenoemde ten opsigte van twee van die veranderlikes voorkom. Die deelnemers het beduidend beter (op die 1%-peil) as die nie-deelnemers ten opsigte van die Rekenkundoets en die jaargemiddeldes presteer. Aangesien die deelnemers ten opsigte van hulle jaargemiddeldes beduidend beter presteer het, wil dit voorkom asof hulle geneig is om skolasties beter te presteer as die nie-deelnemers.

TABEL 4.4

VERGELYKING TUSSEN DIE SKOOLPRESTASIE (VOLGENS GEMIDDELDE STANEGETUNT EN STANDAARDAFWYKING TEN OPSIGTE VAN DIE ATTR) VAN DIE DEELNEMERS EN NIE-DEELNEMERS WAT ALMAL 'N GEMIDDELDE INTELLIGENSIE HET EN WIE SE VADERS 'N "PROFESSIONELE" BEROEP BEOEFEN

Prestasievelde	Deelnemers			Nie-deelnemers			Z-Waarde	Beduidendheidspeil	
	N	$\bar{X}$	S	N	$\bar{X}$	S			N
Afrikaans Moedertaal	473	4,929	1,583	378	4,600	1,663	95	1,794	
Engels Moedertaal	1050	4,874	1,637	882	5,012	1,547	168	-1,024	
Rekenkunde	1524	5,274	1,635	1260	4,667	1,715	264	5,374	1%
Jaargemiddelde	1453	4,725	1,076	1200	4,431	1,048	253	4,046	1%

(2) Persoonlikheidsdimensies en persoonlike en sosiale aanpassing

Volgens tabel 4.5 blyk dit dat daar beduidende persoonlikheidsverskille tussen die deelnemers en nie-deelnemers ten opsigte van al die persoonlikheidsvelde behalwe dié vir Intelligensie voorkom. Die feit dat daar op laasgenoemde persoonlikheidsvelde geen beduidende verskil voorkom nie, bevestig die resultate van die NSAG en verleen dus betroubaarheid aan die afparing van die proefgroepe. Verskille in gemiddeldes wat beduidend op die 1%-peil is, kom voor op 10 van die persoonlikheidsvelde terwyl beduidende verskille op die 5%-peil voorkom ten opsigte van die Prikkelbaarheid-, Selfbeheersing- en Gespannenheid-veranderlike. Die verskille wat voorkom dui daarop dat die deelnemers geneig is om meer vriendelik, emosioneel stabiel, selfgeldend, lewenskragtig, entoesiasties, pligsgetrou, avontuurlustig en selfbeheersd as die nie-deelnemers te wees. Verder blyk dit dat die deelnemers in vergelyking met die nie-deelnemers minder prikkelbaar, sensitief, bekommerd, selfgenoegsaam en gespanne is. Dit wil dus voorkom asof die deelnemers 'n meer gebalanseerde persoonlikheidsontwikkeling as die nie-deelnemers vertoon.

TABEL 4.5

VERGELYKING TUSSEN DIE PERSOONLIKHEIDSTREKKE (VOLGENS GEMIDDELDE STANEGETUNT EN STANDAARDAFWYKING TEN OPSIGTE VAN VELDE VAN DIE HSPV) VAN DEELNEMERS EN NIE-DEELNEMERS WAT ALMAL 'N GEMIDDELDE INTELLIGENSIE HET EN WIE SE VADERS 'N "PROFESSIONELE" BEROEP BEOEFEN

Persoonlikheidstreke	Deelnemers			Nie-deelnemers			Z-Waarde	Beduidendheidspeil	
	N	$\bar{X}$	S	N	$\bar{X}$	S			N
Vriendelikheid	1524	5,31	1,953	1260	4,52	1,905	264	5,997	1%
Intelligensie	1524	5,14	1,827	1260	5,02	1,946	264	0,959	
Egosterkte	1524	5,09	1,968	1260	4,68	2,009	264	3,065	1%
Prikkelbaarheid	1524	4,82	2,030	1260	5,16	2,013	264	-2,476	5%
Selfhandhawing	1524	5,54	1,900	1260	4,85	2,088	264	5,268	1%
Entoesiasme	1524	5,45	1,951	1260	4,91	1,920	264	4,098	1%
Pligsgetrouheid	1524	5,01	1,933	1260	4,66	1,834	264	2,697	1%
Avontuurlustigheid	1524	5,42	2,018	1260	4,64	1,933	264	5,748	1%
Sensitiwiteit	1524	4,47	2,017	1260	5,02	2,165	264	-3,974	1%
Passiewe Individualisme	1524	4,42	1,895	1260	5,29	1,919	264	-6,763	1%
Vreesagtigheid	1524	4,86	1,970	1260	5,30	1,920	264	-3,312	1%
Selfgenoegsaamheid	1524	4,71	1,960	1260	5,28	2,124	264	-4,230	1%
Selfbeheersing	1524	4,99	1,999	1260	4,69	2,011	264	2,213	5%
Gespannenheid	1524	4,81	1,985	1260	5,14	1,816	264	-2,490	5%

'n Analise van tabel 4.6 toon dat daar op 8 van die aanpassingsvelde beduidende verskille (almal op die 1%-peil) tussen die gemiddelde tellings van die twee proefgroepe voorkom. Hierdie patroon geld vir die Selfvertroue-, Gevoel van Eiewaarde-, Gevoel van Persoonlike Vryheid-, Gevoel van Aanvaarding en Erkenning-, Sosiale Verhoudings-, Huislike Verhoudings- Skoolverhoudings- en Emosionaliteitaanpassingsveld. Genoemde bevindinge dui daarop dat die deelnemers meer selfvertroue ervaar en 'n groter mate van persoonlike vryheid geniet. Hierdie faktore, tesame met die feit dat die deelnemers 'n meer gebalanseerde persoonlikheidsontwikkeling vertoon, is blykbaar in 'n groot mate daarvoor verantwoordelik dat hulle 'n beter sosiale aanpassing, veral ten opsigte van die huis- en skoolsituasie, vertoon. Laasgenoemde verskynsel (die beter sosiale aanpassing) is heelwaarskynlik weer in 'n mate daarvoor verantwoordelik dat die deelnemers 'n groter besef van eiewaarde, aanvaarding en erkenning as die nie-deelnemers geniet.

Uit die bevindinge ten opsigte van die HSPV en die Aanpassingsvraelys blyk dit dus dat die deelnemers 'n meer simmetriese persoonlikheidsontwikkeling toon en 'n gunstiger sosiale aanpassing as die nie-deelnemers beleef.

TABEL 4.6

VERGELYKING TUSSEN DIE AANPASSING (VOLGENS GEMIDDELDE STANDEPUNT EN STANDAARDAFWYKING TEN OPSIGTE VAN DIE AANPASSINGSVRAELYS) VAN DEELNEMERS EN NIE-DEELNEMERS WAT ALMAL 'N GEMIDDELDE INTELLIGENSIE HET EN WIE SE VADERS 'N "PROFESIONELE" BEROEP BEOEFEN

Aanpassingsvelde	N	Deelnemers			Nie-deelnemers			Z-Waarde	Beduidende heidspeil
		$\bar{X}$	S	N	$\bar{X}$	S	N		
Selfvertroue	1531	4.43	1.824	1265	5.23	1.830	266	-6.494	1%
Gevoel van eiewaarde	1531	4.25	1.698	1265	4.87	1.919	266	-5.284	1%
Gevoel van persoonlike vryheid	1531	5.13	1.534	1265	5.68	1.691	266	-5.215	1%
Gevoel van aanvaarding en erkenning	1531	4.47	1.767	1265	5.11	1.921	266	-5.283	1%
Sosiale verhoudings	1531	4.52	1.883	1265	5.47	1.929	266	-7.443	1%
Senuweeagtigheid	1531	4.41	1.790	1265	4.61	1.714	266	-1.667	
Morele inslag	1531	5.20	2.030	1266	5.39	2.106	266	-1.378	
Huislike verhoudings	1531	4.89	1.404	1265	5.41	1.581	266	-5.364	1%
Skoolverhoudings	1531	4.58	1.864	1265	5.34	1.939	266	-5.998	1%
Emosionaliteit	1531	4.31	1.789	1265	4.88	1.937	266	-4.651	1%
Erns waarmee vraelys voltooi is	1531	4.56	1.627	1265	4.68	1.749	266	-1.078	

(b) Samevattende beeld

Die feit dat die deelnemers in 'n gestandaardiseerde Rekenkundetoets en veral ten opsigte van hul jaargemiddeldes beter as die nie-deelnemers presteer het (beide groepe beskikbaar oor 'n gemiddelde intelligensie) dien as bewys dat deelname aan sport waarskynlik skoolprestasie stimuleer. Dit wil verder voorkom asof deelname aan sport die vorming van positiewe persoonlikheidseienskappe begunstig en 'n meer gebalanseerde persoonlikheidsamestelling tot gevolg het. Ook ten opsigte van die aanpassing aan die sosiale milieu vertoon die deelnemers 'n groter mate van aanpasbaarheid as nie-deelnemers. Hierdie bevinding kan as motivering vir 'n verdere pleitbesorging vir deelname aan sport dien.

4.2.3 Die deelnemers aan sport en die nie-deelnemers wat almal 'n ondergemiddelde intelligensie het en wie se vaders 'n "profesionele" beroep beoefen

(a) Resultate en bespreking van tendense

(1) Skoolprestasie

'n Vergelyking tussen die skoolprestasie van die deelnemers en die nie-deelnemers (vergelyk tabel 4.7) toon 'n beduidende verskil slegs ten opsigte van die Rekenkundetoets. Hiervolgens blyk dit dat die deelnemers beduidend beter (op die 1%-peil) in hierdie toets presteer het. Dit wil derhalwe voorkom asof die deelnemers geneig is om slegs op rekenkundige gebied beter as die nie-deelnemers te presteer. Gevolglik dien dit nie as voldoende motivering vir 'n pleitbesorging vir deelname aan sport nie.

TABEL 4.7

VERGELYKING TUSSEN DIE SKOOLPRESTASIE (VOLGENS GEMIDDELTE STANEGERPUNT EN DIE STANDAARD=AFWYKING TEN OPSIGTE VAN DIE ATTR) VAN DIE DEELNEMERS EN NIE-DEELNEMERS WAT ALMAL 'N ONDERGEMIDDELTE INTELLIGENSIE HET EN WIE SE VADERS 'N "PROFESIONELE" BEROEP BEOEFEN

Prestasieveld	Deelnemers			Nie-deelnemers			Z-Waarde	Beduidendheidspeil
	N	$\bar{X}$	S	N	$\bar{X}$	S		
Afrikaans Moedertaal	108	3.087	1.452	69	2.923	1.347	39	0.594
Engels Moedertaal	149	3.337	1.683	92	3.123	1.718	57	0.764
Rekenkunde	257	3.677	1.510	161	3.021	1.514	96	3.373
Jaargemiddelde	246	3.844	1.014	154	3.630	0.952	92	1.601

(2) Persoonlikheidsdimensies en persoonlike en sosiale aanpassing

'n Vergelyking tussen die gemiddelde prestasie van die twee proefgroepe op die verskillende velde van die HSPV (vergelyk tabel 4.8) toon beduidende verskille ten opsigte van ses van die veranderlikes. Beduidende verskille op die 1%-peil kom voor ten opsigte van die Entoesiasme- en Sensitiwiteitpersoonlikheidsveld, terwyl beduidende verskille op die 5%-peil ten opsigte van die Vriendelikheid-, Egosterkte-, Passiewe Indiwidualisme- en Prikkelbaarheidveld voorkom. Genoemde bevindinge dui daarop dat die deelnemers geneig is om meer vriendelik, emosioneel stabiel, lewenskragtig en entoesiasies en minder prikkelbaar en sensitief as die nie-deelnemers te wees. Dit wil derhalwe voorkom asof deelnemers meer daartoe neig om ekstrovertiewe karaktereienskappe te openbaar wat beslis hulle sosiale aanpasbaarheid kan vergemaklik.

TABEL 4.8

VERGELYKING TUSSEN DIE PERSOONLIKHEIDSTREKKE (VOLGENS GEMIDDELTE STANEGERPUNT EN STANDAARDAFWYKING TEN OPSIGTE VAN DIE VELDE VAN DIE HSPV) VAN DEELNEMERS EN NIE-DEELNEMERS WAT ALMAL 'N ONDERGEMIDDELTE INTELLIGENSIE HET EN WIE SE VADERS 'N "PROFESIONELE" BEROEP BEOEFEN

Persoonlikheidstrekk	Deelnemers			Nie-deelnemers			Z-Waarde	Beduidendheidspeil
	N	$\bar{X}$	S	N	$\bar{X}$	S		
Vriendelikheid	256	4.94	1.837	161	4.40	1.676	95	2.337
Intelligensie	256	3.69	1.639	161	3.72	1.884	95	-0.133
Egosterkte	256	4.89	1.952	161	4.30	1.983	95	2.313
Prikkelbaarheid	256	5.04	1.760	161	5.55	2.046	95	-2.098
Selfhandhawing	256	5.52	1.804	161	5.26	1.871	95	1.094
Entoesiasme	256	5.42	1.974	161	4.62	2.058	95	3.071
Pligsgetrouheid	256	4.62	1.841	161	4.68	1.910	95	-0.247
Avontuurlustigheid	256	4.78	2.012	161	5.04	1.935	95	-1.009
Sensitiwiteit	256	4.88	1.974	161	5.65	2.030	95	-2.972
Passiewe Indiwidualisme	256	4.97	1.945	161	5.48	1.857	95	-2.053
Vreesagtigheid	256	4.97	1.778	161	5.16	1.899	95	-0.802
Selfgenoegsaamheid	256	4.81	2.059	161	5.03	2.018	95	-0.829
Selfbeheersing	256	4.73	2.025	161	4.41	1.906	95	1.243
Gespannenheid	256	5.21	1.890	161	5.48	1.935	95	-1.090

Ten spyte daarvan dat dit volgens die resultate van die HSPV wil voorkom asof die deelnemers persoonlikheidsienskappe openbaar wat hulle persoonlike en sosiale aanpassing bo dié van die nie-deelnemers kan bevorder, lewer die resultate van die Aanpassingsvraelys (vergelyk tabel 4.9) geen bevestiging daarvan nie. Hierdie bewering word gemaak omdat daar geen beduidende verskille ten opsigte van enige van die aanpassingsvelde tussen die prestasies van die twee proefgroepe voorkom nie. Die feit dat die deelnemers oor 'n ondergemiddelde intelligensie beskik, kan moontlik 'n mate van skugterheid tot gevolg hê, wat daartoe kan bydra dat die deelnemers nie op sosiale terrein 'n gunstiger aanpassing as die nie-deelnemers vertoon nie.

(b) Samevattende beeld

Ten opsigte van hierdie proefgroepe, wat 'n ondergemiddelde intelligensie het, toon die resultate dat die deelnemers slegs in die gestandaardiseerde Rekenkundetoets beter as die nie-deelnemers presteer het. Wat betref hulle persoonlikheidsontwikkeling vertoon die deelnemers enkele eienskappe wat sosiaal meer aanvaarbaar is.

TABEL 4.9

VERGELYKING TUSSEN DIE AANPASSING (VOLGENS GEMIDDELDE STANESEPUNT EN STANDAARDAFWYKING TEN OPSIGTE VAN DIE AANPASSINGSVRAELYS) VAN DEELNEMERS EN NIE-DEELNEMERS WAT ALMAL 'N ONDERGEMIDDELDE INTELLIGENSIE HET EN WIE SE VADERS 'N "PROFESSIONELE" BEROEP BEOEFEN

Aanpassingsvelde	Deelnemers			Nie-deelnemers			Z-Waarde	Beduidendheidspeil
	N	$\bar{X}$	S	N	$\bar{X}$	S		
Selfvertroue	260	4.77	1.785	163	5.03	1.836	97	-1.119
Gevoel van eiewaarde	260	4.87	1.827	163	5.04	1.894	97	-0.713
Gevoel van persoonlike vryheid	260	5.50	1.385	163	5.56	1.637	97	-0.314
Gevoel van aanvaarding en erkenning	260	4.85	1.728	163	4.95	1.896	97	-9.433
Sosiale verhoudings	260	4.57	1.863	163	4.91	1.763	97	-1.446
Senuweeagtigheid	260	4.69	1.746	163	4.56	1.932	97	0.556
Morele inslag	260	5.68	1.968	163	5.40	1.993	97	1.100
Huislike verhoudings	260	5.08	1.320	163	5.02	1.519	97	0.334
Skoolverhoudings	260	5.05	1.792	163	4.96	2.061	97	0.369
Emosionaliteit	260	4.67	1.748	163	4.63	2.258	97	0.159
Erns waarmee vraelys voltooi is	260	4.65	1.622	163	4.96	1.776	97	-1.432

As bogenoemde bevindinge in ag geneem word, wil dit dus voorkom asof die deelnemers, ten spyte van enkele onderskeidende persoonlikheidsstrekke, skolasties nie beter presteer en 'n gunstiger sosiale aanpassing as die nie-deelnemers vertoon nie.

#### 4.2.4 Die deelnemers aan sport en die nie-deelnemers wat almal 'n bogemiddelde intelligensie het wie se vaders 'n "nie-professionele" beroep beoefen

##### (a) Resultate en bespreking van tendense

##### (1) Skoolprestasie

'n Vergelyking tussen die skoolprestasie van die deelnemers en die nie-deelnemers (vergelyk tabel 4.10) toon dat beduidende verskille ten opsigte van die Engelse Moedertaaltoets en die jaargemiddeldes voorkom. Dit blyk dat die Engelssprekende nie-deelnemers ten opsigte van die gestandaardiseerde Engelse taaltoets beduidend beter (op die 1%-peil) as die deelnemers presteer het. Daarteenoor toon die deelnemers ten opsigte van hulle jaargemiddeldes 'n beter prestasie wat beduidend op die 5%-peil is. Aangesien die deelnemers ten opsigte van hulle jaargemiddeldes (d.w.s. ten opsigte van alle skoolvakke) beduidend beter as die nie-deelnemers presteer het, wil dit dus voorkom asof deelname aan sport die deelnemer ten opsigte van skolastiese prestasie bo die nie-deelnemer begunstig.

TABEL 4.10

VERGELYKING TUSSEN DIE SKOOLPRESTASIE (VOLGENS GEMIDDELDE STANESEPUNT EN DIE STANDAARDAFWYKING VAN DIE ATTR) VAN DIE DEELNEMERS EN NIE-DEELNEMERS WAT ALMAL 'N BOGEMIDDELDE INTELLIGENSIE HET EN WIE SE VADERS 'N "NIE-PROFESSIONELE" BEROEP BEOEFEN

Prestasieveld	Deelnemers			Nie-deelnemers			Z-Waarde	Beduidendheidspeil	
	N	$\bar{X}$	S	N	$\bar{X}$	S			N
Afrikaanse Moedertaal	343	6.094	1.495	278	6.215	1.574	65	-0.623	
Engelse Moedertaal	494	6.265	1.483	430	6.891	1.640	64	-3.070	1%
Rekenkunde	837	6.692	1.530	708	6.419	1.513	129	1.844	
Jaargemiddelde	798	5.664	1.157	672	5.397	1.113	126	2.326	5%

##### (2) Persoonlikheidsdimensies en persoonlike en sosiale aanpassing

Dit blyk uit tabel 4.11 dat beduidende verskille op 11 van die 14-persoonlikheidsvelde van die HSPV tussen die prestasies van die twee proefgroepe voorkom. Beduidende verskille op die 1%-peil kom voor ten opsigte van die Vriendelikheid-, Egosterkte-, Prikkelbaarheid-, Selfhandhawing-, Entoesiasme-, Avontuurlustigheid-, Sensitiwiteit-, Passiewe Individualisme- en Selfgenoegsaamheid-persoonlikheidsveld. Verder kom beduidende verskille op die 5%-peil ook voor ten opsigte van die Pligsgetroetheid- en Vreesagtigheidveranderlike. Die bevinding dat die Intelligensiepersoonlikheidsveld geen beduidende verskil toon nie, stem ooreen met die resultate van die NSAG wat sodoende betroubaarheid verleen aan die afparring van die twee proefgroepe. Uit bogenoemde bevindinge blyk dit dat die deelnemers geneig is om meer vriendelik, selfgeldend, emosioneel stabiel, entoesiasies, pligsgetroe, ongeinhi-

beerd en minder prikkelbaar, sensitief en selfgenoegsaam as die nie-deelnemers te wees. Hierdie bevindinge dui daarop dat die deelnemers in vergelyking met die nie-deelnemers 'n meer gebalanseerde persoonlikheidsontwikkeling vertoon asook trekke wat onder andere daartoe kan bydra dat hulle sosiale aanpassing vergemaklik sal word en dat hulle take gemotiveerd sal aanpak.

TABEL 4.11

VERGELYKING TUSSEN DIE PERSOONLIKHEIDSTREKKE (VOLGENS GEMIDDELDE STANDEPUNT EN STANDAARDAFWYKING TEN OPSIGTE VAN DIE VELDE VAN DIE HSPV) VAN DEELNEMERS EN NIE-DEELNEMERS WAT ALMAL 'N BOGEMIDDELDE INTELLIGENSIE HET EN WIE SE VADERS 'N "NIE-PROFESSIONELE" BEROEP BEOEFEN

Persoonlikheidstrekk	N	Deelnemers		Nie-deelnemers			Z-Waarde	Beduidendeheidspeil	
		$\bar{X}$	S	N	$\bar{X}$	S			N
Vriendelikheid	837	5.27	2.070	708	4.43	1.964	129	4.267	.1%
Intelligensie	837	6.18	1.761	708	6.41	1.931	129	-1.342	
Egosterkte	837	5.20	1.919	708	4.52	2.128	129	3.633	1%
Prikkelbaarheid	837	4.65	1.996	708	5.20	2.222	129	0.477	1%
Selfhandhawing	837	5.45	2.018	708	3.91	1.986	129	7.982	1%
Entoesiasme	837	5.57	2.073	708	4.66	2.240	129	4.522	1%
Pligsgetrouheid	837	5.32	1.945	708	4.84	2.134	129	2.535	5%
Avontuurlustigheid	837	5.60	2.159	708	4.59	2.018	129	4.929	1%
Sensitiwiteit	837	4.26	2.016	708	4.94	2.159	129	-3.480	1%
Passiewe Individualisme	837	4.21	1.188	708	5.40	2.093	129	-6.460	1%
Vreesagtigheid	837	4.60	1.961	708	5.08	2.052	129	-2.535	5%
Selfgenoegsaamheid	837	4.67	1.978	708	5.16	1.924	129	-2.595	1%
Selfbeheersing	837	4.99	2.037	708	4.67	2.103	129	1.631	
Gespannenheid	837	4.60	1.974	708	4.84	2.026	129	-1.263	

Volgens tabel 4.12 blyk dit dat beduidende verskille op 7 van die 10 aanpassingsvelde voorkom. Beduidende verskille op die 1%-peil kom voor ten opsigte van die Selfvertroue-, Gevoel van Aanvaarding en Erkenning-, Sosiale Verhoudings-, Huislike Verhoudings-, Skoolverhoudings- en Emosionaliteitaanpassingsveld. Ten opsigte van die Gevoel van Eiewaarde-aanpassingsveld kom 'n beduidende verskil op die 5%-peil voor. Hierdie verskille bevestig die reeds genoemde beeld van die deelnemers, soos bevind ten opsigte van die HSPV, en dui daarop dat hulle 'n groter mate van selfvertroue en emosionele ryphed vertoon. Die persoonlikheidsienskappe wat hulle openbaar, dra blykbaar daartoe by dat hulle makliker met hulle medemens, veral mede-gesinsgenote en -leerlinge, oor die weg kom. Hierdie beeld word bevestig deur die feit dat hulle in vergelyking met die nie-deelnemers sterker gevoelens van eiewaarde, aanvaarding en erkenning geniet.

TABEL 4.12

VERGELYKING TUSSEN DIE AANPASSING (VOLGENS GEMIDDELDE STANDEPUNT EN STANDAARDAFWYKING TEN OPSIGTE VAN DIE AANPASSINGSVRAELYS) VAN DEELNEMERS EN NIE-DEELNEMERS WAT ALMAL 'N BOGEMIDDELDE INTELLIGENSIE HET EN WIE SE VADERS 'N "NIE-PROFESSIONELE" BEROEP BEOEFEN

Aanpassingsvelde	N	Deelnemers		Nie-deelnemers			Z-Waarde	Beduidendeheidspeil	
		$\bar{X}$	S	N	$\bar{X}$	S			N
Selfvertroue	836	4.49	1.806	708	5.29	1.909	128	-4.566	1%
Gevoel van eiewaarde	836	4.09	1.707	708	4.52	1.904	128	-2.572	5%
Gevoel van persoonlike vryheid	836	5.07	1.621	708	5.32	1.639	128	-1.601	
Gevoel van aanvaarding en erkenning	836	4.40	1.798	708	4.88	1.911	128	-2.749	1%
Sosiale verhoudings	836	4.86	1.836	708	6.03	1.741	128	-6.679	1%
Senuweeagtigheid	836	4.34	1.725	708	4.62	1.880	128	-1.664	
Morele inslag	836	4.85	2.081	708	5.18	2.353	128	-1.615	
Huislike verhoudings	836	4.86	1.444	708	5.29	1.597	128	-3.045	1%
Skoolverhoudings	836	4.60	1.848	708	5.22	2.114	128	-3.409	1%
Emosionaliteit	836	4.26	1.837	708	4.95	2.080	128	-3.824	1%
Erns waarmee vraelys voltooi is	836	4.50	1.620	708	4.62	1.733	128	-0.762	

(b) Samevattende beeld

Wat die Engelssprekende leerlinge met 'n bogemiddelde intelligensie betref, het die nie-deelnemers in 'n gestandaardiseerde Engelse taaltoets beter as die deelnemers presteer. Daarteenoor het die deelnemers van beide taalgroepe ten opsigte van hulle skoolprestasie beter vordering getoon. Dit blyk verder dat die deelnemers ten opsigte van hulle persoonlikheidsontwikkeling 'n meer gunstige patroon openbaar. Genoemde eienskappe dra skynbaar daartoe by dat die deelnemers ook op sosiale terrein beter met die medemens kommunikeer. Uit bogenoemde bevindinge wil dit derhalwe voorkom asof deelname aan sport tot voordeel van die deelnemer en die maatskappy kan strek.

4.2.5 Die deelnemers aan sport en die nie-deelnemers wat almal 'n gemiddelde intelligensie het en wie se vaders 'n "nie-professionele" beroep beoefen

(a) Resultate en bespreking van tendense

(1) Skoolprestasie

Volgens tabel 4.13 blyk dit dat die deelnemers se akademiese prestasie dié van die nie-deelnemers ten opsigte van die Rekenkundoets en die jaargemiddeldes beduidend (op die 1%-peil) oortref. Die feit dat die deelnemers ten opsigte van hulle jaargemiddeldes beter presteer het, is veelseggend veral aangesien dit hulle prestasie ten opsigte van alle skoolvakke behels. Derhalwe kan gekonstateer word dat deelname aan sport waarskynlik as 'n stimulus tot akademiese vordering kan dien.

TABEL 4.13

VERGELYKING TUSSEN DIE SKOOLPRESTASIE (VOLGENS GEMIDDELTE STANDEPUNT EN DIE STANDAARD=AFWYKING TEN OPSIGTE VAN DIE ATTR) VAN DIE DEELNEMERS EN NIE-DEELNEMERS WAT ALMAL 'N GEMIDDELTE INTELLIGENSIE HET EN WIE SE VADERS 'N "NIE-PROFESSIONELE" BEROEP BEOEFEN

Prestasievlak	Deelnemers			Nie-deelnemers			Z-Waarde	Beduidendheidspeil
	N	$\bar{X}$	S	N	$\bar{X}$	S		
Afrikaans Moedertaal	1148	4.278	1.513	867	4.153	1.574	281	1.238
Engels Moedertaal	998	4.392	1.667	794	4.471	1.736	204	-0.606
Rekenkunde	2146	4.821	1.665	1661	4.398	1.631	485	1%
Jaargemiddelde	2059	4.541	1.052	1600	4.329	1.068	459	1%

(2) Persoonlikheidsdimensies en persoonlike en sosiale aanpassing

Dit blyk uit tabel 4.14 dat beduidende verskille tussen die prestasie van deelnemers en nie-deelnemers ten opsigte van 12 van die 14 veranderlikes van die HSPV voorkom. Slegs ten opsigte van die Prikkelbaarheid- en Intelligensiepersoonlikheidsvlak is daar geen beduidende verskille nie. Met betrekking tot laasgenoemde veranderlike, dien die feit dat geen beduidende verskil voorkom nie as bevestiging van die resultate van die NSAG en verleen dus betroubaarheid aan die afparing van die twee proefgroepe. Dit blyk verder dat, met die uitsondering van die Selfbeheersing- en Gespannenheidsveranderlike, die verskille wat ten opsigte van 10 van die veranderlikes voorkom, beduidend op die 1%-peil is. Ten opsigte van eersgenoemde twee veranderlikes is die verskille beduidend op die 5%-peil. Bogenoemde verskille dui daarop dat die deelnemers 'n meer gebalanseerde persoonlikheidsontwikkeling as die nie-deelnemers vertoon. Hierdie bewering word gemaak omdat die resultate daarop dui dat die deelnemers 'n groter mate van vriendelikheid, selfgelding, entoesiasme, pligsgetrouheid, selfbeheersing, emosionele stabiliteit, sosiale vrypostigheid, lewenskragtigheid en selfvertroue vertoon. Daarby is hulle geneig om minder prikkelbaar, sensitief en gespanne te wees. Hierdie persoonlikheidskomponente moet beslis as stukrag en motivering dien om hul leefwêreld te verken, persoonlike suksesse te behaal en gemeenskaplik met die medemens te kommunikeer. Soos verder aangedui sal word, word hierdie bewering in 'n groot mate deur die resultate van die Aanpassingsvraelys gestaaf.



TABEL 4.14

VERGELYKING TUSSEN DIE PERSOONLIKHEIDSTREKKE (VOLGENS GEMIDDELDE STANEGERPUNT EN STANDAARDAFWYKING TEN OPSIGTE VAN DIE VELDE VAN DIE HSPV) VAN DEELNEMERS EN NIE-DEELNEMERS WAT ALMAL 'N GEMIDDELDE INTELLIGENSIE HET EN WIE SE VADERS 'N "NIE-PROFESSIONELE" BEROEP BEOEFEN

Persoonlikheidstrekk	Deelnemers			Nie-deelnemers			Z-Waarde	Beduidende heidspeil	
	N	$\bar{X}$	S	N	$\bar{X}$	S			N
Vriendelikheid	2147	5.08	1.957	1661	4.38	1.894	486	6.983	1%
Intelligensie	2147	4.70	1.837	1661	4.69	1.835	486	0.106	
Egosterkte	2147	5.01	1.956	1661	4.49	1.935	486	5.165	1%
Prikkelbaarheid	2147	4.94	1.976	1661	5.11	1.928	486	-1.677	
Selfhandhawing	2147	5.25	1.961	1661	4.85	2.043	486	3.916	1%
Entoesiasme	2147	5.16	1.919	1661	4.64	1.897	486	5.265	1%
Pligsgetrouheid	2147	5.04	1.934	1661	4.68	1.819	486	3.656	1%
Avontuurlustigheid	2147	5.13	2.002	1661	4.62	1.959	486	4.961	1%
Sensitiwiteit	2147	4.78	1.949	1661	5.08	2.091	486	-2.934	1%
Passiewe Individualisme	2147	4.72	1.874	1661	5.40	1.838	486	-7.063	1%
Vreesagtigheid	2147	4.97	1.947	1661	5.28	1.949	486	-3.085	1%
Selfgenoegsaamheid	2147	4.79	1.925	1661	5.12	1.991	486	-3.297	1%
Selfbeheersing	2147	4.87	1.952	1661	4.62	1.945	486	2.484	5%
Gespannenheid	2147	5.02	1.964	1661	5.26	1.920	486	-2.380	5%

Volgens tabel 4.15 blyk dit dat beduidende verskille op 10 van die aanpassingsvelde voorkom. Met die uitsondering van die Senuweeagtigheidsaanpassingsveld, waar die verskil beduidend op die 5%-peil is, is alle verskille beduidend op die 1%-peil. Uit die resultate blyk dit dat die beeld van die deelnemers, soos bo uiteengesit, in 'n groot mate bevestig word. Dit blyk dat die deelnemers 'n groter mate van selfvertroue, emosionele stabiliteit en morele inslag vertoon. Die resultate dui verder daarop dat hulle ten opsigte van hulle sosiale verhoudings, veral in die huis- en skoolsituasie, 'n beter aanpassing beleef. Hierdie verskynsel dra heelwaarskynlik in 'n groot mate daartoe by dat die deelnemers 'n groter besef van eiewaarde, persoonlike vryheid, aanvaarding en erkenning (soos deur die resultate aangedui) beleef.

TABEL 4.15

VERGELYKING TUSSEN DIE AANPASSING (VOLGENS GEMIDDELDE STANEGERPUNT EN STANDAARDAFWYKING TEN OPSIGTE VAN DIE AANPASSINGSVRAELYS) VAN DEELNEMERS EN NIE-DEELNEMERS WAT ALMAL 'N GEMIDDELDE INTELLIGENSIE HET EN WIE SE VADERS 'N "NIE-PROFESSIONELE" BEROEP BEOEFEN

Aanpassingsvelde	Deelnemers			Nie-deelnemers			Z-Waarde	Beduidende heidspeil	
	N	$\bar{X}$	S	N	$\bar{X}$	S			N
Selfvertroue	2152	4.71	1.796	1664	5.35	1.881	488	-6.844	1%
Gevoel van eiewaarde	2152	4.66	1.835	1664	5.00	1.961	488	-3.541	1%
Gevoel van persoonlike vryheid	2152	5.32	1.581	1664	5.67	1.695	488	-4.227	1%
Gevoel van aanvaarding en erkenning	2152	4.85	1.830	1664	5.25	1.953	488	-4.179	1%
Sosiale verhoudings	2152	4.88	1.780	1664	5.54	1.879	488	-7.108	1%
Senuweeagtigheid	2152	4.60	1.876	1664	4.81	1.952	488	-2.153	5%
Morele inslag	2152	5.37	2.082	1664	5.72	2.071	488	-3.268	1%
Huislike verhoudings	2152	5.07	1.460	1664	5.58	1.633	488	-6.597	1%
Skoolverhoudings	2151	4.81	1.857	1664	5.42	1.976	488	-6.284	1%
Emosionaliteit	2152	4.60	1.870	1664	5.09	1.987	488	-5.015	1%
Erns waarmee vraelys voltooi is	2152	4.65	1.670	1664	4.62	1.673	488	0.349	

(b) Samevattende beeld

Uit die resultate blyk dit dat, vir die groep met 'n gemiddelde intelligensie, die deelnemers aan sport ten opsigte van hulle jaargemiddeldes en hul prestasie in 'n gestandaardiseerde Rekenkundetoets beduidend beter as die nie-deelnemers skolasties presteer het. Daar kan derhalwe gekonstateer word dat sportdeelname die skolastiese prestasie van hierdie leerlinge nie nadelig beïnvloed het nie, maar dat dit heelwaarskynlik in so 'n mate as motivering gedien het om persoonlike sukses te smaak, dat hulle in staat was om op

hierdie gebied beter as die nie-deelnemers te presteer.

Dit blyk verder dat die deelnemers n meer gebalanseerde persoonlikheidsontwikkeling toon wat ook daartoe bydra dat hulle sosiale aanpasbaarheid bo dié van die nie-deelnemers begunstig word. In dié lig gesien, kan dus aanvaar word dat sportdeelname die vorming van die mens se persoonlikheid sodanig kan beïnvloed dat die deelnemer, in vergelyking met die nie-deelnemer, in n groter mate deur die sosiale milieu aanvaar word.

4.2.6 Die deelnemers aan sport en die nie-deelnemers wat almal n ondergemiddelde intelligensie het en wie se vaders n "nie-professionele" beroep beoefen

(a) Resultate en bespreking van tendense

(1) Skoolprestasie

Volgens tabel 4.16 blyk dit dat daar beduidende verskille tussen die skoolprestasie van die twee proefgroepe ten opsigte van twee van die gestandaardiseerde toetse voorkom, te wete dié vir Rekenkunde en dié vir Engels Moedertaal. Die resultate toon dat die deelnemers beduidend beter (op die 5%-peil) in die Rekenkundetoets en die nie-deelnemers beduidend beter (op die 1%-peil) in die Engels Moedertaaltoets presteer het. Uit genoemde bevindinge kan gekonstateer word dat die deelnemers geneig is om op rekenkundige gebied beter as die nie-deelnemers te presteer. Daarteenoor blyk dit dat die Engelstalige nie-deelnemers op die gebied van hul eie taal beter presteer as die Engelstalige deelnemers.

TABEL 4.16

VERGELYKING TUSSEN DIE SKOOLPRESTASIE (VOLGENS GEMIDDELDE STANEGEPUNT EN DIE STANDAARD-AFWYKING TEN OPSIGTE VAN DIE ATTR) VAN DEELNEMERS EN NIE-DEELNEMERS WAT ALMAL 'N ONDERGEMIDDELDE INTELLIGENSIE HET EN WIE SE VADERS 'N "NIE-PROFESSIONELE" BEROEP BEOEFEN

Prestasieveld	Deelnemers			Nie-deelnemers			Z-Waarde	Beduidendeheidspeil
	N	$\bar{X}$	S	N	$\bar{X}$	S		
Afrikaans Moedertaal	450	2,744	1,327	246	2,525	1,409	204	1,621
Engels Moedertaal	278	2,480	1,235	171	3,009	1,463	107	-3,167
Rekenkunde	728	3,108	1,414	417	2,868	1,393	311	2,182
Jaargemiddelde	664	3,726	0,928	387	3,617	0,945	277	1,628

(2) Persoonlikheidsdimensies en persoonlike en sosiale aanpassing

n Vergelyking tussen die gemiddelde tellings van die twee proefgroepe op die HSPV (vergelyk tabel 4.17) toon beduidende verskille ten opsigte van 5 van die 14 persoonlikheidsvelde. Beduidende verskille op die 1%-peil kom voor ten opsigte van die Vriendelikheid-, Passiewe Individualisme- en Selfbeheersing-persoonlikheidsveld, terwyl verskille ten opsigte van Pliësgetrouheid- en Avontuurlustigheid-persoonlikheidsdimensies beduidend op die 5%-peil is. Dit blyk uit die resultate dat die deelnemers geneig is om meer vriendelik, ongeïnhibeerd, lewenskragtig en pliësgetrou te wees en n groter mate van selfbeheersing openbaar. Hierdie is beslis eienskappe wat hulle ten opsigte van sosiale aanpassing tot voordeel kan strek en tot gemotiveerde taakaanvaarding kan stimuleer. Veral vir n kind met n ondergemiddelde intelligensie vir wie die moontlikheid tot hoëre akademiese skoling beperk is, kan sulke persoonlikheidseienskappe daartoe bydra dat hy n positiewe lewens- en wêreldbeskouing sal huldig.

Met betrekking tot die prestasie van die proefgroepe op die Aanpassingsvraelys (vergelyk tabel 4.18) blyk dit dat beduidende verskille ten opsigte van 7 van die 11 veranderlikes voorkom. Beduidende verskille op die 1%-peil kom voor ten opsigte van die Selfvertroue- en Sosiale Verhoudings-veranderlike terwyl verskille ten opsigte van die Senuweeagtigheid-, Morele Inslag-, Skoolverhoudings-, Emosionaliteit- en Erns Waarmee Die Vraelys Voltooi Is-veranderlike beduidend op die 5%-peil is. Dit is opvallend dat die deelnemers die vraelys met n groter mate van erns benader het. Dit blyk verder uit die resultate dat die deelnemers n groter mate van emosionele stabiliteit, selfvertroue en morele inslag vertoon. Daarby is die deelnemers geneig om meer ontspanne te wees. Dit is dan ook duidelik waarom hulle tydens medemenslike kontak n gunstiger sosiale aanpassing vertoon. Hierdie gunstige sosiale verhoudings kom volgens die resultate, veral na vore in die skoolsituasie. Dit is egter opvallend dat die deelnemers se aanpassing ten opsigte van hulle huislike milieu nie beduidend beter as dié van die nie-deelnemers is nie.

TABEL 4.17

VERGELYKING TUSSEN DIE PERSOONLIKHEIDSTREKKE (VOLGENS GEMIDDELDE STANECEPUNT EN STANDAARDAFWYKING TEN OPSIGTE VAN DIE VELDE VAN DIE HSPV) VAN DEELNEMERS EN NIE-DEELNEMERS WAT ALMAL 'N ONDERGEMIDDELDE INTELLIGENSIE HET EN WIE SE VADERS 'N "NIE-PROFESIONELE" BEROEP BEOEFEN

Persoonlikheidstreke	Deelnemers			Nie-deelnemers			Z-Waarde	Beduidendheidspeil	
	N	$\bar{X}$	S	N	$\bar{X}$	S			N
Vriendelikheid	726	5.01	1.668	417	4.60	1.739	309	3.211	1%
Intelligensie	726	3.35	1.799	417	3.44	1.722	309	-0.678	
Egosterkte	726	4.91	1.774	417	4.69	1.779	309	1.648	
Prikkelbaarheid	726	4.97	1.857	417	5.09	1.766	309	-0.878	
Selfhandhawing	726	5.56	1.776	417	5.29	1.959	309	1.935	
Entoesiasme	726	5.15	1.919	417	4.89	1.811	309	1.846	
Pligsgetrouheid	726	4.83	1.762	417	4.49	1.771	309	2.562	5%
Avontuurlustigheid	726	5.04	1.827	417	4.74	1.740	309	2.229	5%
Sensitiwiteit	726	5.50	2.073	417	5.60	1.906	309	-0.664	
Passiewe Individualisme	726	5.22	1.823	417	5.64	1.791	309	-3.088	1%
Vreesagtigheid	726	5.06	1.761	417	5.27	1.819	309	-1.564	
Selfgenoegsaamheid	726	4.73	1.186	417	5.00	1.923	309	-1.929	
Selfbeheersing	726	4.77	1.971	417	4.30	1.845	309	3.259	1%
Gespannenheid	726	5.26	1.934	417	5.39	1.791	309	-0.923	

TABEL 4.18

VERGELYKING TUSSEN DIE AANPASSING (VOLGENS GEMIDDELDE STANECEPUNT EN STANDAARDAFWYKING TEN OPSIGTE VAN DIE AANPASSINGSVRAELYS) VAN DEELNEMERS EN NIE-DEELNEMERS WAT ALMAL 'N ONDERGEMIDDELDE INTELLIGENSIE HET EN WIE SE VADERS 'N "NIE-PROFESIONELE" BEROEP BEOEFEN

Aanpassingsvelde	Deelnemers			Nie-deelnemers			Z-Waarde	Beduidendheidspeil	
	N	$\bar{X}$	S	N	$\bar{X}$	S			N
Selfvertroue	735	4.50	1.748	420	5.13	1.764	315	-4.810	1%
Gevoel van eiewaarde	735	5.04	1.810	420	5.18	1.841	315	-1.029	
Gevoel van persoonlike vryheid	735	5.83	1.491	420	5.87	1.526	315	-0.356	
Gevoel van aanvaarding en erkenning	735	5.09	1.780	420	5.18	1.808	315	-0.673	
Sosiale verhoudings	735	4.74	1.793	420	5.19	1.670	315	-3.462	1%
Senuweeagtigheid	735	4.49	1.876	420	4.80	1.870	315	-2.217	5%
Morele inslag	735	5.58	1.861	420	5.86	1.960	315	-1.970	5%
Huislike verhoudings	735	5.32	1.429	420	5.42	1.537	315	-0.908	
Skoolverhoudings	735	4.99	1.838	420	5.31	1.820	315	-2.342	5%
Emosionaliteit	735	4.61	1.899	420	4.89	1.931	315	-1.961	5%
Erns waarmee vraelys voltooi is	735	5.21	1.770	420	4.94	1.762	315	2.048	5%

(b) Samevattende beeld

Wat hierdie groep leerlinge met 'n ondergemiddelde intelligensie betref, word geen definitiewe uitsluitel deur die resultate gelewer waarvolgens afgelei kan word of die skoolprestasie van die een proefgroep beduidend beter as dié van die ander is nie. Hierdie bewering word gemaak omdat die Engelssprekende nie-deelnemers in 'n Engelse taaltoets en die deelnemers (van beide taalgroepe) in 'n Rekenkundoets beduidend beter presteer het. Daarteenoor blyk dit uit die resultate van die HSPV en die Aanpassingsvraelys, dat die deelnemers oor persoonlikheidseienskappe beskik om meer gemotiveerd tot taakaanvaarding te kom en met groter vrymoedigheid medemenslike verhoudings aan te knoop. Dit is veral op sosiale terrein dat dit wil voorkom asof die deelnemers die nie-deelnemers ten opsigte van hul aanpassing voor is.

4.3 'N SAMEVATTENDE BEELD VAN ALLE PROEFGROEPE

'n Oorsigtelike beskouing van die skoolprestasie, persoonlikheidseienskappe en persoonlike en sosiale aanpassing van die deelnemers, in vergelyking met dié van die nie-deelnemers, toon verskille op al drie hierdie terreine.

(a) Skolastiese prestasie

Volgens die prestasie van die proefgroepe in die Afrikaans Moedertaaltoets blyk dit dat die prestasie van 4 deelnemergroepe hoër as die van die nie-deelnemers is alhoewel dit nie beduidend is nie. Dit is opvallend dat die nie-deelnemers met 'n bo-gemiddelde intelligensie (die "professionele" - sowel as die "nie-professionele" groep) se prestasie in die Afrikaans Moedertaaltoets hoër as die van die nie-deelnemers is. Ten opsigte van die resultate van die Engels Moedertaaltoets blyk dit dat 5 van die nie-deelnemergroepe 'n hoër prestasie as die deelnemers behaal het waarvan die verskil in gemiddeldes by 2 van hierdie beduidend is. Uit die resultate van die Rekenkundoets blyk dit dat al 6 die deelnemergroepe hoër as die nie-deelnemers presteer het. Vyf van dié deelnemergroepe se prestasie is beduidend hoër. Volgens die jaargemiddeldes van die proefgroepe blyk dit dat 5 van die deelnemergroepe beter as die nie-deelnemers presteer het. Drie van die deelnemergroepe se jaargemiddeldes is beduidend hoër as dié van die nie-deelnemers. Alhoewel die groepe deelnemers nie ten opsigte van al die kriteriums vir skoolprestasie beduidend beter as die nie-deelnemers presteer het nie, kan besluit word dat manlike sportdeelnemers in st. 6 geneig is tot beter skoolprestasie as die nie-deelnemers.

(b) Persoonlikheid

Die resultate ten opsigte van die HSPV toon dat al ses die deelnemergroepe ten opsigte van die persoonlikheidsvelde van nie-deelnemers verskil. In baie gevalle is hierdie verskille beduidend. Die wyse waarop die deelnemergroepe van die nie-deelnemers verskil, vertoon in 'n hoë mate 'n eenvormige patroon.

Ten opsigte van die pligsgetrouheid- en avontuurlustigheidpersoonlikheidsvelde toon 5 van die 6 deelnemergroepe 'n gunstiger prestasie as die nie-deelnemers. Dit is opvallend dat al ses die deelnemergroepe geneig is om meer vriendelik en lewenskragtig as die nie-deelnemers te wees. Verder blyk dit dat 4 van die deelnemergroepe in vergelyking met die nie-deelnemers, meer emosioneel, stabiel, selfgeldend, entoesiasies, pligsgetrou, avontuurlustig en beheersd en minder prikkelbaar, sensitief, bevreesd en selfgenoegsaam is. Drie van die deelnemergroepe vertoon 'n mindere mate van gespannenheid as die nie-deelnemers. Geen besondere patroon van verskille tussen deelnemers en nie-deelnemers is ten opsigte van die verskillende IK-groepe en die verskillende sosio-ekonomiese groepe gevind nie.

In die geheel gesien wil dit dus voorkom asof manlike sportdeelnemers in st.6 'n meer gebalanseerde persoonlikheidsamestelling as die nie-deelnemers vertoon.

(c) Aanpassing

'n Oorsig van die resultate van die Aanpassingsvraelys toon dat al ses die deelnemer- en nie-deelnemergroepe ten opsigte van die verskillende aanpassingsvelde van mekaar verskil en dat hierdie verskille in beide gevalle beduidend is. Die wyse waarop die deelnemergroepe van die nie-deelnemers verskil, vertoon in 'n hoë mate 'n eenvormige patroon ten gunste van die deelnemers.

Slegs een nie-deelnemergroep toon 'n meer gunstige prestasie (egter nie beduidend beter as dié van die deelnemers nie) ten opsigte van die Senuweeagtigheid-, Morele Inslag-, Huislike Verhoudings-, Skoolverhoudings- en Emosionaliteit-aanpassingsvelde. Dit blyk dat 4 van die deelnemergroepe in vergelyking met die nie-deelnemers meer selfvertroue en emosionele rytheid openbaar, in 'n groter mate gevoelens van eiewaarde, aanvaarding en erkenning ervaar en ten opsigte van hulle sosiale verhoudings, onder andere dié in die skoolsituasie, meer sukses behaal. Die resultate toon verder dat 3 deelnemergroepe minder tekens van senuweeagtigheid as die nie-deelnemers toon, terwyl 3 deelnemergroepe 'n gunstiger aanpassing in die huiskring beleef. Dit blyk dat 2 van die deelnemergroepe in vergelyking met die nie-deelnemers in 'n groter mate 'n gevoel van persoonlike vryheid geniet terwyl 2 deelnemergroepe ook 'n sterker morele inslag vertoon. Geen besondere patroon van verskille tussen deelnemers en nie-deelnemers is ten opsigte van die verskillende IK-groepe en die verskillende sosio-ekonomiese groepe gevind nie.

Met inagneming van die resultate van die HSPV, wil dit dus voorkom asof die meer positiewe persoonlikheidseienskappe wat manlike sportdeelnemers in st. 6 openbaar, daartoe bydra dat hulle, in vergelyking met die nie-deelnemers, 'n groter mate van persoonlike en sosiale aanpasbaarheid vertoon.

## HOOFSTUK 5 GEVOLGTREKKINGS EN SLOT

### 5.1 INLEIDENDE OPMERKING

Aangesien daar alreeds 'n samevatting van die resultate van hierdie ondersoek gegee is (kyk par. 4.3), sal daar in hierdie hoofstuk gepoog word om, met die oog op die doel van hierdie studie, enkele algemene gevolgtrekkings te maak. Daar moet gelet word dat dié bevindings slegs op stedelike standerd ses-leerlinge (seuns) wat as proefpersone gebruik is, van toepassing is.

### 5.2 ENKELE ALGEMENE GEVOLGTREKKINGS

(a) Dit blyk uit die resultate van hierdie ondersoek dat deelname aan sport verband hou met skoolprestasie. Dit is waarskynlik dat sportdeelname direk of indirek positief bydra tot beter skolastiese prestasie.

(b) Indien aanvaar word dat leerlinge wat in st.6 aan sport deelneem, hoofsaaklik dieselfde leerlinge is wat voorheen in die laerskool aan sport deelgeneem het, kan uit die resultate van hierdie ondersoek afgelei word dat sportdeelname waarskynlik positief bydra tot die ontwikkeling en vorming van 'n gebalanseerde persoonlikheid.

(c) Met dieselfde aanvaarding ten opsigte van sportdeelname in die laerskool as by (b), kan uit die resultate van hierdie ondersoek afgelei word dat sportdeelname waarskynlik positief bydra tot gunstiger persoonlike en sosiale aanpassing van leerlinge.

(d) Uit die resultate van die ondersoek blyk dit verder waarskynlik dat leerlinge van alle vlakke van intellektuele vermoë voordeel uit sportdeelname kan put.

(e) Dit blyk ook dat die soio-ekonomiese omstandighede van die deelnemer nie noodwendig as remmende faktor ten opsigte van persoonlikheidsontwikkeling en persoonlike en sosiale aanpassing tydens deelname aan sport geld nie.

(f) Bevindings van hierdie ondersoek stem in 'n groot mate ooreen met dié van Biddulph (4), Weber (56), Arnett (2) en Fourie (14) asook met dié van Schendel (41) ten opsigte van sy proefpersone op die st. VII- en st. X-onderwysvlak.

### 5.3 SLOTOPMERKING

Die bevindings van hierdie ondersoek dui daarop dat stedelike standerd ses-seuns waarskynlik voordeel uit deelname aan sport kan put. Die vraag ontstaan nou of die voordele wat blykbaar deur genoemde seuns uit die deelname geput word, in die latere jare behoue sal bly en of dit ook vir leerlinge op ander onderwysvlakke en ook vir die teenoorgestelde geslag sal geld. Dit is duidelik dat 'n antwoord op hierdie vrae verkry kan word indien navorsing in dié verband uitgebrei word om seuns op laer en hoër akademiese vlak, naskoolse manlike jeugdige en selfs volwasse mans in die stad sowel as op die platteland te betrek. Navorsing sal ook ten opsigte van die teenoorgestelde geslag op dieselfde onderwysvlakke herhaal moet word. Faktore soos ouderdom en graad van deelname behoort ook aandag te kry.

Aangesien die vraag na mannekrag in Suid-Afrika nie slegs vereis dat die werker beroeps-gereed en beroepsgeoriënteerd moet wees nie, maar ook 'n gebalanseerde en goedaangepaste mens moet wees, is die bevindings van hierdie ondersoek van belang daar dit blyk dat deelname aan sport heelwaarskynlik 'n belangrike bydrae tot die vorming van 'n mens soos hierbo beskryf, kan lewer. Gesien in hierdie lig word die noodsaaklikheid van uitgebreide navorsing, soos bo genoem, nog verder beklemtoon.

In die navorsingsprogram van Projek Talentopname word vir sodanige navorsing voorsiening gemaak.

## BIBLIOGRAFIE

1. ANCHERSEN, PER "Sport and mental health", Sport and health, International conference on sport and health in connection with the sixth Olympic Winter Games Oslo 25-26th February, 1952.
2. ARNETT, C. "Interrelationships between selected physical variables and academic achievement of college women." Research Quarterly 39 (2), May, 1968: 227 - 230.
3. BEHRMAN, R.M. "Personality differences between non-swimmers and swimmers". Research Quarterly. 38 (2), May, 1967: 163 - 171.
4. BIDDULPH, L.G. "Athletic achievement and the personal and social adjustment of high school boys". Research Quarterly. 25 1954: 1 - 5.
5. BOOTH, E.G. "Personality traits of athletes as measured by the MMPI". Research Quarterly. 29 (2), May, 1958: 127 - 138.
6. BOSCH, J. "Sport: Een serieuze bezigheid". Opvoeding. 18 (4), April 1968: 133.
7. BURKE, E. The history of archery, London, William Heinemann, 1958.
8. BYRD, O.E. "Studies on the psychological values of lifetime sports". Journal of health, physical education, recreation. 38 (9), Nov. - Dec., 1967: 35.
9. COFER, C.N. & JOHNSON, W.R. "Personality dynamics in relation to exercise and sports". Science and medicine of exercise and sports. New York, Harper 1960.
10. COOPER, L. "Athletics, activity and personality: A review of the literature". Research Quarterly. 40 (11) March, 1969: 17 - 21.
11. CRAVEN, D.H. "Sport as rehabilitasiemiddel". Rehabilitasie in Suid-Afrika. 9 (1), Maart 1965: 24.
12. DAVIS, E.C. & COOPER, J.A. "Athletic ability and scholarship". Research Quarterly. 5 (4) Dec., 1934: 68 - 77.
13. DIEM, C. "The position of sport in modern society and its educational value". Vigor. 13 (2), March, 1960: 7.
14. FOURIE, A.B. "The influence of participation in sport on the process of socialization with special reference to senior schoolboys", M.A. Thesis, Bloemfontein, University. 1954.
15. GRAY, J.E. "Balance, work and play". Journal of health, physical education, recreation. 38 (1), Jan., 1967: 23.
16. GREENWOOD, E.D. "Emotional well-being through sports". Journal of health, physical education, recreation. 38 (9), Nov.-Dec., 1967: 33.
17. GREENWOOD, E.D., FARICK, G.L. & BYRD, O.E. "Needed: New research dimensions for the values of lifetime sports". Journal of health, physical education, recreation. 37 (3), March, 1966: 36 - 37.
18. HACKENSMITH, C.W. & MILLER, L. "A comparison of the academic grades and intelligence scores of participants and non-participants in intramural athletics at the University of Kentucky". Research Quarterly. 9 (1), March, 1938: 94 - 99.
19. HAWKS, G.W. "Games are for playing". Journal of health, physical education, recreation. 34 (5), May, 1963: 46-47.
20. HUSMAN, B.F. "Aggression in boxers and wrestlers as measured by projective techniques". Research Quarterly. 26 (1) 1955: 421 - 425.
21. JOHNSON, W.R. & HUTTON, D.C. "Effects of a combative sport upon personality dynamics as measured by a projective test". Research Quarterly. 36, 1965: 49 - 53.
22. KROLL, W. & PETERSEN, K.H. "Personality factor profiles of collegiate football teams". Research Quarterly. 36, 1965: 433 - 440.
23. LAKIE, W.L. "Expressed attitudes of various groups of athletes toward athletic competition". Research Quarterly. 35 (4), 1964: 497 - 503.
24. LARSON, L.A. "Why sports participation?". Journal of health, physical education, recreation. 35 (14), Jan., 1964: 36 - 37.
25. LAYMAN, E.M. : "Contributions of exercise and sports to mental health and social adjustment". Science and medicine of exercise and sports. New York, Harper 1960.
26. L'HEUREUX, W.J. "Sport in modern Canadian culture". Journal of health, physical education, recreation. 35 (3), March, 1964: 28.

27. MACMILLAN, R.G. "The educational aspects of sport". Vigor. March, 1960: 52.
28. MALPASS, L. "Values in sports". Journal of health, physical education, recreation. 33 (6), September, 1962:
29. McCRAW, Lyn "Democratic values of sports". Scholastic Coach. April 1951: 28.
30. MERRIMAN, J.B. "Relationship of personality traits to motor ability". Research Quarterly. 31 (2), May, 1960: 163 - 173.
31. MOODY, C.B.J. "Physical education and neurotic behaviour disorders". Understanding the child. 21, 1952: 24.
32. RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING Verkorte verslag insake beplanning van die ondersoek met betrekking tot blanke st.6-leerlinge.
33. NEUMEYER, M.H. & NEUMEYER E.S. Leisure and recreation. New York, A.S. Barnes 1963.
34. OXENDINE, J.B. "Social development the forgotten objective". Journal of health, physical education, recreation. 37 (5), May, 1966: 23.
35. PETERSON, S.L., WEBER, J.C. & TROJSDALE, W.W. "Personality traits of women in team sports vs. women in individual sports". Research Quarterly. 38 (4), 1967: 686 - 689.
36. RARICK, G.L. "Present and future research". Journal of health, physical education, recreation. 38 (9), Nov.-Dec., 1967: 37.
37. RAY, H.C. "Interrelationships of physical and mental abilities and achievements of high school boys". Research Quarterly. 11 (1), March 1940: 129 - 141.
38. RICE, E.A. & HUTCHINSON, J.R. A brief history of physical education. New York, A.S. Barnes 1952.
39. ROBBERTSE, P.M. "Sielkundige aspek van sport". Vigor. 13 (2), Maart 1960: 59.
40. SCHAFFER, T.E. "Health and activity needs of the adolescent". Journal of health, physical education, recreation. 33 (8), Nov., 1962: 17.
41. SCHENDEL, J. "Psychological differences between athletes and non-athletes". Research Quarterly. 36 (1), 1965: 52 - 67.
42. SEYMOUR, E.W. "Comparative study of certain behaviour characteristics of participant and non-participant boys in Little League Baseball". Research Quarterly. 27 (1), 1956: 338 - 346.
43. SHAW, J.H. & CORDTS, H.J. "Athletic participation and academic performance". Science and medicine of exercise and sports. New York, Harper 1960.
44. SHARMAN, J.R. Modern principles of physical education. New York, A.S. Barnes 1937.
45. SLUSHER, H.S. "Personality and intelligence characteristics of selected high school athletes and non-athletes". Research Quarterly. 35 (4), 1964: 539 - 545.
46. SOMERS, M.R. "A comparative study of participation in extra-curricular sports and academic grades". Research Quarterly. 22 (1), March, 1951: 84 - 91.
47. SPERLING, A.P. "The relationship between personality adjustment and achievement in physical education activities". Research Quarterly. 13 (3), October, 1942: 351 - 363.
48. START, K.B. "Substitution of games performance for academic achievement as a means of achieving status among secondary school children". British Journal of Sociology. 17 (3), September, 1966: 300 - 304.
49. STEUCK, R.H. "A comparison of the scholastic performance of athletics and athletic participants with non-athletes at Wisconsin State College". Dissertation Abstracts. 25 (1), July, 1964: 275.
50. TUTTLE, W.W. & BEEBEE, F.S. "A study of the scholastic attainments of letter winners at the State University of Iowa". Research Quarterly. 12 (2), May, 1941: 174 - 180.
51. UNESCO Place of sport in education. Paris, 1956.
52. VAN HAAREN, J. "Dit tydskrif." Opvoeding. 18 (4), April 1968: 121.
53. VAN DER MERWE, I.R. "Geschiedkundige oorsig van die Olimpiese Spele". Vigor. 5 (3), Junie 1952: 10.
54. VAN DER MERWE, I.R. "Sport en kultuur". Vigor. 19 (3), Junie 1966: 30.
55. WASKE, P.R. "A study of intramural sports participation and scholastic attainment". Research Quarterly. 11 (2), May, 1940: 22 - 27.
56. WEBER, R.J. "Relationship of physical fitness to success in college and to personality". Research Quarterly. 24, 1953: 471 - 473.
57. WERNER, A.C. & GOTTHEIL, E. "Personality development and participation in college athletics". Research Quarterly. 37 (1), March, 1966: 126 - 131.

2000 45001

2000 45005



RUH BIBLIOTEK	HSRC LIBRARY
------------------	-----------------



